# AFDELING B. - TETIES.

## Hoofstuk VI.

## Die Probleem van die N.G. Kerk in Rhodesië - en die Onderwys.

### 1. DIE AARD VAN DIE PROBLEEM: VERHOUDING.

#### Algemene Verhoudinge.

Uit die voorafgaande historiese oorsig het geblyk (1) dat die N.G.Kerk hom beywer het dat die skool in Rhodesië vir die kind van die Afrikaanse ouer in die regte verband tot sy kerk, te wete die N.G.Kerk, te staan sal kom, en (2) dat omdat die verhouding van die staatskool in Rhodesië tot die N.G.Kerk nie in die regte verband te staan gekom het nie, dit telkemale op „botsings" uitgeloop het.

Aangesien dit uit hierdie botsing duidelik is dat sowel kerk as staat hulle sekere regte toe-eien ten opsigte van die opvoeding van die kind, ontstaan die vraagstuk dan in Rhodesië, soos in alle christelike lande wie nou eintlik seggenskap oor die skool toekom, wie dit sal oprig, wie dit aan die gang sal hou, en so meer. By hierdie probleem kom in aanmerking die ouer, die staat, die onderwyser en die kerk.

a. Die verhouding tussen Ouer en Opvoedeling.

Geen menslike wet kan die regte van die ouer en gesin aantas nie. Die gesin is 'n gemeenskap - 'n gemeenskap wel klein maar nietemin wesenlik en ouer as staat of kerk of onderwyser. Gevolglik het die ouer regte en pligte wat net aan homself eie is, en wat heeltemal onafhanklik is van die staat. Die vader van 'n gesin het die reg en plig om sy kind op te voed soos hy geskik ag, en is, so glo die lid van die N.G.Kerk dan ook, belas met die taak, van Godsweë „om zijn kind zoo groot te brengen, dat het ingegroeid zij in de zedelike rechtsorde; in eerbied voor zijn God sta; ontwikkeld hebbe wat het in zich droeg; en rijp zij voor zijn lewenstaak; aanvanklijk hier, en bij voortzetting hiernamaals."[1]

1) Kuyper: „Ons Program," 477.

Wanneer nou deur die druk van omstandighede, hetsy omdat die vader sy eie deursig nie vertrou nie, hetsy omdat die tyd of middele hom ontbreek, die totale opvoeding nie deur die ouer onderneem kan word nie of nie moontlik is nie, dan moet die opvoeding tot 'n hulpmiddel sy toevlug neem, en so 'n hulpmiddel is dan die skool met sy onderwys. „Maar zij, die dit hulpmiddel vormen, de ouders, hebben te zorgen, dat behulpzel zoo getrouw mogelijk beeld geve van datgene, wat geweest zou zijn, indien die noodhulp niet ware noodig geweest."[1] Dit is egter die vader of ouer wat die enigste wettige en van „nature geroepene en veral ten deze bekwame persoon is, om over de keuse van een skool voor zijn kind te beslissen. Hieraan moet dan ook worden vastgehouden. Dit is bij heel de schoolquaestie het primum verum. Indien er op schoolterrein een axioma geldt, dan is het dit."[2]

Nou moet dit tog ook duidelik wees dat die ouer se beskouing oor die lewe en die wêreld juis die grondslag sal vorm van die beskouing wat hy oor die opvoeding van sy kind sal huldig. Die paedagogiek as wetenskap hang dus ten nouste saam met vrae van lewens - en wêreldbeskouinge. „'n Mens se beskouing oor die lewe en die wêreld bepaal ook sy beskouing oor die opvoeding."[3] „De vraag tog welke het ideaal is, dat men nastreeft, wordt geheel door onze lewensbeschouwing beantwoordt," het 'n Nederlandse geleerde vasgestel.[4] „Opvoeding behoort niet tot de „neutrale zone" indien deze overigens ook mocht bestaan, maar zij hangt ten nauwste met heel onze wereld- en lewensbeschouwing zamen. Zij staat in verband met en wordt in geheel haar wezen door onze godsdienstige en zedelijke overtuigingen bepaald. Al naarmate wij denken over God en wêreld, over leven en geschiedenis, over den oorsprong, het wezen en de bestem-

1) Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek, dl. 1, 397.
2) Kuyper: a.w., 480.
3) Coetzee: Die Moderne Opvoeding, 5.
4) Waterink: a.w. 353.

ming van den mensch, zal onze opvoeding en ook onze paedagogiek verschillen,"[1] het 'n ander dit uitgedruk. Nader tuis het T.S.Elliot verklaar: "Education must rest on a dogmatic view, whether natural or supernatural."[2] En in die "Spens"-Verslag wat ook in Rhodesië as gesaghebbend aangeneem is, is verklaar: "Every scheme of education being at bottom a practical philosophy, necessarily touches life at every point. Hence any educational aims which are concrete enough to give definite guidance are correlative to ideals of live, and as ideals of life are eternally at variance, their conflict will be reflected in educational theories."[3]

Wanneer nou by die oordraging van sy vaderlike en ouerlike verantwoordelikheid 'n leermeester, 'n onderwyser of ook wel 'n skool as noodhulp, as die "negotiorum gestrix," gebruik word, volg dit dan as vanselfsprekend dat daardie onderwyser of wie ook al, in die eerste plaas optree in die plek van daardie ouer, in <u>loco parentis</u> of wanneer 'n groep van gelykgesinde ouers 'n "skool" oprig, dan <u>in loco parentium</u>. So gesien, word 'n skool die vorm waarin in die werklikheid, die opvoedkundige lewensbeskouing van die ouergroep tot uiting kom of bewaar WORD? sodat wanneer daar aan die onderwys en die opvoeding gedink word, daar aan 'n skool gedink word. So ontstaan en ontwikkel dan die skool as 'n instelling van die maatskappy en, so glo die Christen, 'n instituut "soewerein in eie kring."[4]

Maar die ontwikkeling van die maatskappy het mettertyd meegebring 'n ontwikkeling van die skool, en 'n gesonde ontwikkeling van die **skool is alleen denkbaar** wanneer die skool rekening hou met 'n mag wat nie alleen die nodige geldelike steun kon verskaf nie, maar ook reg gehad het om verpligtinge vir die toekoms, en oor die onwilliges aan te gaan, "in het tekort der vrye liefde,

1) Bavinck: Paedagogische Beginselen, 150, 151.
2) Reeves and Drewett: What is Christian Education: 8.
3) Spens Report: a.w., 147. 10.
4) Vgl. Venter: Die Verband tussen Kerk en Skool in Suid-Afrika, 104 - 105.

door geldheffingen" om so die skool in stand te hou.[1] Die twee magte wat dan veral by die onderwys betrokke raak, is die Kerk en die Staat. Die Kerk bring naamlik deur die Heilige Doop die kind op mistieke wyse in gemeenskap met die lewende God, nie in die algemene nie maar in die baie besondere sin van die Drieënige God soos deur die Skrifte geopenbaar. Om dit te kan doen, het die kerk die vader (of ouer) gebind deur duidelik-omskrewe, in die bysyn van getuie afgelegde beloftes dat hy die kind in die leer van die Skrifte, dus in die wêreld-, lewens- en geestesbeskouing van die kerk sou opvoed of sou laat opvoed. By die oprigting van so'n skool het die kerk dan ook wel deeglik 'n seggenskap om hom te vergewis of die kind ooreenkomstig die doopbelofte opgevoed en in die gedagte-, lewens- en geesteskring van die kerk ingelei word. En hierdie reg tot medeseggenskap van die kerk moet die doopouer as 'n man van eer erken. So val die skool wel buite die kerk as instituut maar tog binne die kerk as organisme, via die gelowige ouers.

Net soos die kerk self as instituut nie as skoolmeester kan optree nie, so is dit ook geen deel van die normale soewereine funksie van die staat om te onderwys nie. "De Staat kan niet schoolmeesteren, wijl hij noch paedagogische beginselen, noch godsdienstige belijdenis heeft,"[2] en omdat die onderwys uit sy aard nie 'n staatkundige nie maar 'n maatskaplike oorsprong het. "Niet op het terrein van den Staat, maar wel op dat der maatschappij is de natuurlijke verbinding te vinden van de belangen, die ouders en kinderen, kerk en Staat, ten opzichte van het Lager Onderwijs gelijkelijk kunnen doen gelden. Eers indien deze waarheid erkend word, valt de tegenstelling tusschen Staat en Kerk in zake de volkschool voor altyd weg, en kan men tot een stelsel geraken, dat de vrije school as regel huldigt en slechts bij wijze van aanvulling de officieële neutrale school laat voortbestaan."[3] Die Staat is dan alleen in soverre ge

1) Vgl. Kuyper: "Ons Program," 520.
2) Kuyper: a.w. 589.
3) Idem.

regverdigd om in belang van die onderwys op te tree deur daarop aan te dring dat die toekomstige burgers 'n opvoeding sal ontvang wat hulle instaat sal stel om die pligte van burgerskap in sy verskillende grade na te kom. Dit is ook die plig van die staat om vir die onderwys van die kinders wie se ouers se middele ontoereikend is, te sorg deur die nodige te voorsien uit die „gemeenskaplike" fondse wat opgebou is uit die belastings van die hele gemeenskap. Selfs so mag die staat nie teen die hele ouerlike verantwoordelikheid bots nie, en ook nie die redelike vryheid van die ouers om oor 'n keuse van 'n skool te besluit, bedreig nie. Daarom is die onderwyser dan ook geen „staats"-amptenaar nie, kan dit ook nie wees, kan homself nie so beskou nie, en ook nie so laat beskou nie. Watter outoriteit hy ook al mag besit om te onderwys, om 'n beheer oor kinders uit te oefen en om hul agting en gehoorsaamheid te eis, kom na hom van Godsweë deur die ouers en nie deur die staat nie, behalwe in soverre as die staat ten behoewe van die ouers optree. En teen so'n oordrag van die ouers op die owerheid van die plig om skool te hou, sou daar waar en wanneer daar 'n staatskerk is, geen ernstige beswaar denkbaar wees nie, mits daar geen opposisie teen daardie staatskerk kom nie, en alle ouers, wat die beginsels betref, in een en dieselfde stroom voortbeweeg, en mits oordrag steeds oordrag bly, en dus by ontstaan van geskil die primordiale reg van die vader of van die ouer opnuut in werking tree.

Alleen so kan dan 'n skoolwese tot stand kom waarin die ouer beslis in watter gees sy kind opgevoed sal word, die kerk sal beslis oor die beginsel waardeur dié gees suiwer en gesuiwerd by die onderwys bewaar kan bly, en die onderwysers sal beslis oor die wyse waarop die kind in dié gees, volgens eise van dié beginsel tot daardie peil sal kom, wat ook die staat bevredig.

b. <u>Verhouding tussen Staat en Kerk.</u>

Waar daâr egter geen staatskerk is nie, en

die staat tog die onderwys wil en moet waarneem, soos in Rhodesië die geval is, dan ontstaan die vraag wat die beste houding sal wees wat die staat teenoor die kerk sal aanneem ten einde te verseker dat aan die onderwys van die land reg sal geskied. Nóg die owerheid nóg die Kerk kan hier op hul eie optree. Vir die owerheid „to interfere forcibly with the things of the mind; for them to override the wishes of parents on the one hand and of would be educators on the other, dictating to the former where and how their children must be taught, and prescribing to the latter the channels through which alone their money or their teaching power, as the case may be, shall be allowed to flow, for them to regulate the training and licensing of teachers, - is an impertinence much more likely to accentuate all existing animosities and disruptive tendencies than to render the next generation better fitted for the discharge of civic duties."[1)]

Voor die verskyning van die Christelike kerk was daar reeds drie moeilike probleme wat elke staatkundige stelsel ter oplossing aangebied is, te wete die staat en die maatskappy, die staat en die huisgesin, die staat en die indiwidu, sodat toe die kerk van Christus tot stand gekom het, die taak om 'n staatkundige beleid te formuleer wat ook 'n bevredigende oplossing vir die verhouding tussen staat en kerk sou wees, nie vergemaklik is nie. Byna twintig eeue lank al het teoloë, juriste, wysgere getrag om met 'n voldingende en bevredigende oplossing eenstemmigheid oor die vraagstuk te bereik. Die pluriformiteit van die kerk het die probleem slegs vergroot, want binne dieselfde staat het daar naas die Rooms-Katolieke kerk 'n hele aantal selfstandige en van mekaar onafhanklike Protestantse kerke te staan gekom. Elkeen van hulle het gaandeweg hulle eie geloofsbelydenis opgestel en vasgelê, wat prinsipieël nie alleen van die Rooms-Katolieke nie maar ook onderling van mekaar verskil het.

1) Wilson: The Province of the State, 80.

So het dan ook die Nederduitse Gereformeerde Kerk, wat ook die kerk van die Afrikaner is - tot sy suiwer Gereformeerde protestantse geloofsbelydenis geraak, wat in die „Heidelbergse Katechismus" saamgevat is en die kerk naas sy onsigbare vorm as 'n „heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat hulle saligheid in Jesus Christus verwag en gewas is deur sy bloed, geheilig en verseël deur die Heilige Gees" (Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel XXV11), ook in sy sigbare waarneembare vorm as 'n bepaalde Instituut gesien het. Daarvolgens was die N.G.Kerk 'n groep gelowiges wat in dieselfde verband staan, gekenmerk deur 'n bepaalde op die Heilige Skrif gegronde geloofsbelydenis. Dit is dan ook in die lig van hierdie waarneembare institutêre bestaansvorm dat die verhouding tussen kerk en staat verklaar moet word. Volgens hierdie Gereformeerde of ook Calvinistiese geloofsbelydenis is albei produkte van die genade, albei deur God ingestel om elk op sy eie terrein en wyse in diens van die Soewereine God te beweeg. Maar met dié verskil dat waar die staat of owerheid as 'n produk van die algemene genade (gratia communis) sy gesag en mag strek oor alle inwoners van die gebied oor wat uitwendig waarneembaar is, daar bepaal die kerk as 'n uitvloeisel van die besondere genade van God (gratia specialis) sy gesag tot soveel staatsburgers as wat ook <u>bona-fide</u> lede van die kerk is, hoofsaaklik op 'n geestelik sedelike terrein.

Hierdie Calvinistiese lewensbeskouing is dus gekant teen die caesaro-papistiese verhouding waar die staat oor die kerk wil „heers", ook teen die papalistiese verhouding waar die kerk die staat wil voorskryf, en ook teen die modern-rewolusionêre of ateïsties rewolusionêre verhouding wat die probleem van die verhouding tussen staat en kerk wil oplos deur van die kerk ontslae te probeer raak. Die N.G.Kerk verlang daarenteen - en die geskiedenis het reeds bewys hoe onhoudbare bogenoemde verhoudings is - dat volgens sy positief -

Christelike en Skriftuurlike lewensbeskouing hy as 'n eiesoortige Goddelike instelling met 'n eie roeping, taak, en terrein van werksaamhede erken sal word - as 'n publiek-regtelike liggaam waarvan alle beslissings deur offisiële kerklike vergaderinge oor leerkwessies en dies meer geneem, geëerbiedig moet word. Die kerk het in die Calvinistiese Gereformeerde verhouding tot die staat die reg om kritiek op die beleid van die staat in bepaalde gevalle uit te oefen en verlang dat die staat na gegronde waarskuwings sal luister. "Waar die staat verkeerd gaan, moet die kerk hom waarsku en aan die staat „So sê die Here" voorhou."[1)]

Maar die N.G.geloofsbelydenis gaan nog verder en bepaal dat benewens die kerk as instituut, afkomstig uit die besondere genade van God, die kerk ook optree as organisme en wel uit die algemene genade net soos die staat. Dit is kragtens hierdie beskouing van die kerk as organisme dat die kerk hom dan ook vir die onderwys interesseer - 'n gebied wat die gesamentlike verantwoordelikheid word van kerk en staat via die ouer.

Hierdie Calvinistiese geloofsbelydenis beskou die Gereformeerde verder nie as die grondslag van 'n eng sektariese lewensbeskouing nie, maar is vir hom terselfdertyd die hoogste Christendom. Daarom beskou die N.G.Kerk enige botsing teen die geloofsbelydenis wat hy huldig, ook as 'n botsing teen die Christendom soos dit vir hom bestaan.

Daar is ook verskeie ander kerke in die land aanwesig, soos byvoorbeeld die numeriek sterkste Anglikaanse Kerke met 43 persent van die bevolking (1936 sensus), (die N.G.Kerk kom tweede met 18 persent) daarna die Presbeteriaanse met 11 persent die Metodiste met 9 persent, die Rooms-Katolieke met 8 persent en die Hebreeuse kerk met 4 persent.[2)] Die syfers toon aan dat die N.G. Kerk geen onaansienlike bevolkingsdeel verteenwoordig nie.

1) Stoker: Die Stryd om die Ordes, 235.
2) Census Report: 1941, IV. Vgl. Hoofstuk V.

Maar in billikheid teenoor alle kerke glo die N.G.Kerk dat daar ten opsigte van die onderwys, om maar die onderhawige aangeleentheid te noem, vir die staat geen ander weg oop staan nie, "dan dat de Overheid, of over alle deze aangelegenheden het advies der afzonderlijke kerken inwennen of te wel een raad van advies, waarin alle kerken vertegenwoordigd zijn, instelle, en sig door dezen raad laat voorlichten. Een Overheid die de kerken eert, moet er prijs op stellen de mening der kerken te kennen bij de oplossing van elke vraagstuk waarbij ook de kerken betrokken zijn."[1)]

Die hele aangeleentheid van die verhouding tussen kerk en staat word dan vir die N.G.Kerk 'n probleem wanneer die positief-Christelike, die Gereformeerde belydenis of wêreldbeskouing, nie tot grondslag dien van die houding wat die staat teenoor die kerk en die onderwys van die dooplidmate van daardie kerk aanneem nie, of wanneer daardie Calvinistiese lewensopvatting miskên of geïgnoreer word deur die staat. In hoeverre dit 'n mens in Rhodesië wil voorkom asof die staat die kerk as organisme ignoreer, en dit dan die probleem van die N.G.Kerk en die onderwys in Rhodesië konstitueer, word in die volgende paragraaf beskryf.

## 2. DIE BOTSENDE VERHOUDING TUSSEN DIE STAAT EN DIE N.G. KERK IN RHODESIË.

### a. Die Liberaal-Imperialistiese Staatsbeskouing.

Die vraag ontstaan dan watter houding die staat of owerheid in Rhodesië teenoor die N.G.Kerk aanneem, want daaruit sou nie alleen die regverdigheid en die historiese mislukkings van die pogings wat die N.G.Kerk ten opsigte van die onderwys aangewend het, verklaar kon word nie, maar sal ook die weg aangedui kan word waardeur die N.G.Kerk tot 'n oplossing sal geraak van die probleem van die onderwys en opvoeding van sy dooplidmaat.

„Rhodesië" as 'n kolonie van die Britse Ryk, is 'n „demokratiese land" en huldig die demokratiese beginsels van vryheid. In so'n staatkundige stelsel lê

1) Kuyper: De Gemeene Gratie, 111 : 261 - 262.

juis opgesluit die geleentheid vir die goeie maar ook vir die kwade. En die tekortkominge van dié staatstelsel is seker nêrens meer sigbaar as in die houding wat die staat aanneem teenoor die N.G.Kerk as organisme nie, 'n organisme wat deel in die gewaande "vryheid" in die land. In hierdie soos in elke demokratiese staat - "with its materialistic, individualistic, acquisitive and independent point of view,"[1)] word daar dan ten opsigte van die godsdiens ook 'n "liberale" houding aangeneem, soos blyk uit die feit dat die staat geen kerk as staatskerk wil erken nie, en "neutraal" staan sò ver as wat dit die kerke aangaan. Maar daar is by dié stelsel van staatkunde soveel gesag in die hande van die staat (die owerheid) dat die gesag gebruik kan word vir 'n vrywaring sowel teen die gevaar dat die liberale lewenskyk, die liberalisme, in losbandigheid kan ontaard, as teen die gevaar dat enige liggaam hetsy kerklik, hetsy maatskaplik, hom teen die besluite van die owerheid kan verhef. So staan die staat bo die geloofsverdeeldheid uit, duld alle godsdienste sonder om self 'n godsdiens te hê, sodat hy dan deur so'n houding aan te neem, sy eie voorskrifte van politieke en sedelikheid geëerbiedig kan kry, en nie soseer terwille van die "geloof" self nie. "Geensins, wel neen! ter zake des geloofs, maar omdat naas politieke maatstaf, de leerstellingen die den staat niet passen anti-sosiaal zijn."[2)]

Maar Rhodesië is ook 'n Britse kolonie, en die leerstellinge van die staat is dan ook daarop gemik om dit as 'n Britse kolonie te behou en te bewaar, met ander woorde, naas die liberalisme is daar ook nog die imperialisme waarmee in Rhodesië rekening gehou moet word. Dit was juis hierdie imperialisme, hierdie "gees van verowering" "die grondhonger" wat verantwoordelik was vir die ontginning van Rhodesië, en die imperialisme sou ontrou aan homself wees as hy nie alle magte sou gebruik

1) S.R.Education Department: Bulletin No.3.:Education in a Changing World. (H.D.Sutherns.)
2) Groen van Prinsterer: Ongeloof en Revolutie, 201.

om daardie verowering te bestendig nie. Dit is dan ook die uitgesproke beleid van die owerheid om hierdie imperialistiese lewenskyk te bewaar en selfs ten koste van andersdenkendes te prppageer. Wanneer dit gebeur, tree die staat-absolutisme in sy verfynde vorm op die voorgrond en word die vermomde caesaro-papalisme vir die kerk en die moderne demokratiese lande, weer 'n gevaar.

Eintlik ken die liberalisme, en die imperialisme nog meer, geen volk behalwe die soewereine volk nie - „het zoogenaamde vrye volk dat men door politieke vormen in dwang houdt"[1] - en beskou die liberale staat homself as 'n „alvermogende volksoewereiniteit uit vrye en gelyke burgers en geconcentreerd in een alles regelend bewind."[2]

Voor hierdie almag van die staat moet alles en almal swig - as dit nodig mag blyk. Die staat is ondeelbaar, en daar is geen selfstandige aansien teen die staat nie. Alle afdelinge, departemente, administratiewe en kerklike aangeleenthede bestaan alleen ter vereenvoudiging en vergemakliking van die beheer deur die owerheid. Ook die godsdiens „met beteugeling van al wat naar zelfstandigheid sweemt, moge uit politieke berekening als nuttig en onmisbaar worden geduld en beschermd, de staat zelf kent geenerlei ondergesckiktheid; de spreuk „le loi est atheé" is de leus der onvoorwaardelijke volksmagt. Er is dus, in theorie en evenzeer in praktijk afgoderij van den staat, want aan het staatsbelang, onder velerlei benaming van algemeen welzijn, volkswil, nationaal geluk, moet het heiligste en dierbaarste ten offer worden gebracht. Le Salut public boven al. Aan de menschen meer gehoorzaam dan aan God, is het onverlet Gode gehoorsaam te zijn in zoo ver namelijk als zijn wil niet in tegenspraak is met volkswil en staatsbelang."[3]

Dit is dan die wese ook van die staat en die aard van die gesag waarteenoor die N.G.Kerk in Rhode-

1) Groen van Prinsterer: a.w., 246.
2) Idem: 237.
3) Idem: 238.

sië te staan kom. Teenoor die openbaring, die Hoogste Werklikheid soos dit vir alle Christelike kerke duidelik is, ontwikkel die liberalisme in 'n rigting wat 'n „chrisgendom" van sy eie bevinding in die plek van die Evangelie stel - 'n soort staatsevangelie, 'n denk en droombeeld wat neerknielend voor die filosofiese afgod, elke geoponbaarde, elke nie deur die rede of ervaring bewysbare waarheid en werklikheid verwerp en selfs bespot. So word dan ook <u>nolens volens</u> die geloofsbelydenis van die N.G.Kerk 'n voorwerp van spot, en kan selfs weersinwekkend en haatlik word - soms van so'n volkome en dweepsieke haat asof hierdie tot dusver onuitroeibare sekte die kragtigste en heilloosste beletsel van die ontwikkeling van die „volksbelange" is. So word die Boerekerke as „onliberaal" bestempel, met hulle „oldfashioned appeal to the God of righteousness, whom, strange to stay, they believed to be a reality."[1]

Teenoor die kerk los die sogenaamde liberalisme, die sogenaamde onsydigheid, homself op in die „mees verderflike eenzijdigheid, ten behoewe van het ongeloof, en loop op een preselijtisme der godsdienst van rede en natuur uit."[2] Die almag, die Soewereiniteit van God, skepper van hemel en aarde ken die ongeloof nie. In die ontkentenis van die <u>droit devin,</u> in die erkentenis van die menslike gesag lê die bron van die liberalisme en van die geesdrif wat daarvoor en daardeur verwek word, en teen daardie ongeloofstaat wat vir al die onderwys van die land verantwoordelik gehou wil word, kom die N.G.Kerk te staan. Hy kom te staan as protes teen die <u>ongeloofsbeginsel</u> en nie soseer teen die waarborg dat die staatswil sal uitgaan van die algehele burgery omdat die staatsreg in hulle hande is en hulle hulself kan regeer nie, en dat hul vryheid en outonomie die lewensbeginsel van die staat is en hulle goedvinding die hoogste wet is nie; want uit al die dinge kan die goeie gebore word. Ook

1) Froude: Oceana, 42.
2) Groen van Prinsterer: a.w.bl.85.

waardeer die Kerk die waarborg dat wie ook al volksoewereiniteit skend, gestraf of deur die vryheid van verkiesing, van drukpers, van publieke mening in toom gehou kan word. ~~nie~~. Nie teen hierdie waarborge self wat in elke staat as die sine quibus non geld, kom die Kerk te staan nie, maar wel teen die krag en oorsprong van hierdie waarborg wat die mens of die staat homself wil toeeien. Die veronderstelling naamlik dat daar eenheid, deugdelikheid en sistematiese vorming van die algemene Wil is, en dit weer uitgaande van die veronderstelling dat die mens van nature goed is, en dat die voortreflikheid van sy aanleg alleen deur „bygeloof" en „verdrukking" onkenbaar gemaak is, en dat die verbreking van hierdie konserwatiewe bande wat in die kerk verpersoonlik word, die indiwidue ook in staat sal stel om met snelle vaart dié volmaakte in die staatsweë te bereik. „It (democracy) proceeds on the hypothesis that every individual citizen is entitled to an equal voice in the management of his country; but individuals being infinitely unequal - bad and good, wise and unwise - and as rights depend on fitness to make use of them, the assumption is untrue, and no institutions can endure which rest upon illusions."[1)]

b. Die Gereformeerde Lewensbeskouing.

i. En Despotiese Gesag.

Die N.G.Kerk glo dat die mens van natuur bedorwe is en dat sy bekwaamheid (fitness) om goed en reg te handel, hom alleen van God geskenk word. Anders sou die ideale staat van die filosoof Kant bereik kan word waar „de staatkunde eene zoo kunstmatige ineenvlechting der bijzondere belangen met het welzijn van het geheel behoort te bewerken, dat er, zelfs in eene maatschappij van booze geesten, door welbegrepen eigenbelang, orde, rust en een engelachtige harmonie der duivelen bestaan zou."[2)] En daarom het die een kommissie en deputasie van die N.G.Kerk na die ander wat gepleit het dat die Afri-

1) Froude: Oceana, 337.
2) Groen van Prinsterer: a.w., 234.
3) Idem.

kaanse kind Afrikaans geleer sal word, nie soseer teen die feit dat hy nie Afrikaans geleer het nie, protesteer, maar teen die fundamentele idee van 'n moontlike „engelagtige harmonie van die duiwels;" nie teen die staatsregulasies nie, maar teen die motiewe, idees daaragter; nie teen erkenning van die gesag van die numerieke meerderheid as volkswil nie, maar teen die erkenning daarvan as Algemene Wil en as regsbeginsel, en teen 'n meerderheid wat bekend maak wat die minderheid moet, in plaas om te verneem wat die minderheid wil. Ook het die N.G. Kerk as protes opgetree teen die „demonkratiese" sentraliseerbeginsel waarvolgens soveel mag in die hande van die saak-gelastigdes, van departementele hoofde geplaas is, en waarvolgens hulle dan optree asof die staatsoewereiniteit op hulle, die eiendom op die rentmeester,[1] oorgedra is, en hulle hulle ook geregtig en verplig voel om so op te tree. Daarom dan ook het die Kerk beswaar gemaak teen die outokratiese optrede van die Onderwysdepartement. „Er worden scholen gesticht 100, 200, 300 en meer mijlen van Salisbury en de onderwijzer(es) wordt erheen gezonden; dan hebben de ouders die persoon te verwelkomen; en of zij elkanders taal verstaan, al dan niet, of zij elkanders godsdiens respekteren, al dan niet, toch moeten zij dan met elkander overweg; en de kinderen moeten onvoorwaardelijk aan die persoon worden toevertroud want geen enkele ouder heeft direkt of indirekt iets over dié school te zeggen. Het Departement alleen is verantwoordelijk: het Departement is ouder, schoolkommissie en opvoedingsdepartement, en indien mogelijk, zou het gaarne nog meer willen zijn."[2] Dít het die Kerk gegrief en nie soseer die onbevredigende optrede van daardie Departement nie, dit en die „alleenheersende" bevoegdheid van die Direkteur[3] wat kan optree in die gees van „alone I did it."[4] Daarom ook eis die N.G. Kerklid groter regte vir die skoolkommissies, die „Ad-

1) Kotze: Rhodesië, 23.
2) Vgl. Hoofstuk IV.
3) Vgl. Kotze: a.w., 17.

visory Board," wat oor die gees en beginsels van die skool niks te sê het nie, wat aanbevelinge kon doen op die gebiede wat in ieder geval in 'n Christelike skool tot die staat en die onderwyser beperk is, en wat dus daarop neerkom dat hulle advies aanbevelinge is "voor de snippermand van de Direkteur van Onderwys".[1]

ii. Sondagsontheiliging en Dobbelary.

Vir die N.G.Kerk beteken hierdie despotisme van die vryheidsleer verder dat nie alleen die beginsel van indiwiduele vryheid of groepsvryheid wat gelykheid op alle gebiede en vir almal veronderstel, bedreig word nie, maar dat die publieke vryheidsin in baie opsigte in Rhodesië ook te staan kom teenoor die godsdiensvryheid. Met ander woorde, die vryheid van die publiek om te doen en te dink soos hy wil ten opsigte van die godsdiens, word mettertyd so 'n publieke krag dat dit as afgod teenoor die ware uitgesproke godsdienssin optree, as 'n ateïstiese gesag teen die "wil" van die kerk, omdat, so word geredeneer, dié publieke orde en harmonie deur verkondiging van die woord van die Lewende God verstoor of veronaangenaam of in sy volle vrye uiting gestuit en getemper kan word. Vir die Kerk is dit slegs tekens van die mag van die reedsgenoemde "engelagtige harmonie van die duiwels."

Nou beteken dit nie dat die N.G.Kerk se eis van die staat, te wete die volle reg van elke christen om onbelemmerd sy vryheid uit te lewe in sy gewete en godsdiens, ook nie vir ander gegun word nie.[2] Maar dit bly in die eerste plaas nog die plig van kerk om te getuig: "So sê die Here" teen enige iets wat die publieke eerbaarheid sal skend, en waarmee die staat goedskiks genoeë neem. So 'n geval is die heiliging van die dag van die Here wat die kerke ten alle koste in ag geneem wil sien. En dit nie terwille van die kerk nie, want die kerk is nie 'n doel op sigself nie maar terwille van Christus - Sy Doel, Sy Gees en Plan, en om sodoende teen

1) Kotze: a.w., 8.
2) Vgl. Die Zambesi Ringsblad Mei, 1943.

die kwaad op te tree in belang net vir die koninkryk van God. „Ons glo dat die eerste roeping van die kerk altyd bly om die geestelike belange van die volk te dien en alles te bestry wat die saak en beginsels van Christus en die eer van God sou skaad in ons volkslewe."[1] Maar die Christen glo verder dat die owerheid wat alleen deur die grasie van God regeer, as dienaar van God by die behartiging van sy verantwoordelikhede uit sy bestuur en wetgewing alles moet verwyder wat die vrye invloed van die Evangelie op die volkslewe belemmer, en dat hy maatreëls moet tref wat die openbare orde en goeie sedes sal bewaar en bevorder. Daarom pleit hy dan ook met betrekking tot die heiliging van die Sondag dat die „staat self op die dag van die Here in al sy vertakkinge rus, en die Sondagswet in dié gees hersien, sodat volgens arbeidswetgewing stilstand van sake op die dag gehandhaaf sal word."[2] In dien voege het die N.G.Kerk in Rhodesië dan ook herhaalde vertoë tot die Owerheid gerig dat die Sondag nie as 'n dag van sport gehou sal word nie, en dat die lede van die N.G.Kerk nie, soos gedurende die oorlogsjare wel die geval was, verplig word om op Sondae te werk nie.[3] Maar indien aan die pleidooie van die kerk gehoor sal gegee word, dan sal dit beteken dat die Woord van God in die landsbestuur vooropgestel word, en sal dit meebring dat die vryheidsidee van 'n numerieke meerderheid (want die N.G.Kerk word in hierdie ywer van hom nie sonder meer deur die Anglikaanse Kerk gesteun nie), 'n meer „populêre",staatsliberalisme bevorderende seksie,geskaad sal word. Dit is daarom nie „in belang van die staat" dat aan die kerk se eise sal voldoen word nie, terwyl tog die staat in die opsig deur sy ateïstiese optrede sy eie ondergang sal bewerkstellig, want „wie My eer, sal Ek eer." en „elkeen wat My verloën, hom sal Ek ook verloën," spreek die Here. Die N.G.Kerk „erger haar niet dat de regten beperkt zijn, dit light in de natuur zelwe van ieder reg;

1) Handelinge: Raad van die Kerke, 31.3.1943.
2) Vgl. Genootskap van Afrikaners: Statute, 4.g.
3) Vgl. Die Zambesi Ringsblad, Junie 1947, Julie 1943, Junie 1942, Februarie 1941.

de grond (harer) klagt is dat, vroeger door onveranderlijken wetten en inzettingen Gods omschreven en bevestigd, zij nu afhankelijk zijn van het goedvinden van den staat, van den wil der vyandelijke menschen, en dat zij dus in het wezen der zaak, te niet gaan."[1)]

Ook op die gebied van die dobbelary soos dit in Rhodesië in die vorm van die staatslotery voorkom, het die kerk tevergeefs gewaarsku[2)] dat die "weg van God tot besit en rykdom nie die pad van weddenskappe, kans en vertroue op die geluksgod is nie, maar die weg van gebed en getroue arbeid"[3)] Intussen word nie net die morele ruggraat in Rhodesië geskok nie maar word loterykaartjies by die duisendtalle uit Rhodesië (en Lourenco Marques) in die Unie van Suid-Afrika ingevoer, hoewel dit in die Unie onwettig is. In laasgenoemde gebied word selfs meer van die kaartjies as in die lande van hul oorsprong verkoop sodat, soos te verwagte is, dit ook staatslotery vir Suid-Afrika bemoedig. So lê in die staatslotery van Rhodesië dan ook opgesluit die kieme wat enige rewolusie voorafgaan - ongehoorsaamheid teen die wetgewing van 'n land waardeur dit blyk dat die lewensbeskouing van die volk van daardie land bots teen die dobbelgees. Dit beteken vir Suid-Afrika dat die Romeins--Hollandse reg wat hom sterk teen wet-en dobbelgees as onwettige handelinge uitspreek, deur die handelinge van die Rhodesiese owerheid ondermyn word. En die hospitale en openbare verbeteringe wat in Rhodesië "met dobbelgeld uit die Unie gebou is" moet dan ook uit 'n regsoogpunt as ultra vires beskou word. Uit 'n wettiese en kerklike oogpunt, op Bybelse en etiese gronde sowel as vanweë sy uiters nadelige inwerking op die volkslewe veroordeel die N.G.Kerk dan ook die lotery.[4)] Trots dit alles word deur die owerheid net daarop gewys hoeveel die staat daarby baat en daarmee is die saak afgehandel. Die staat en die meerderheid verkies die blinde onbarmhartige

1) Groen van Prinsterer: a.w., 239.
2) Vgl. Ringsnotule: Ring van Bulawayo, 1941.
3) Die Zambesi Ringsblad: Augustus 1947, 2.
4) Vgl. Zambesi Ringsblad: Augustus 1945, 1.2.

noodlot, toeval of geluksgod bo die regverdige, alles-vermoënde God.

iii. <u>Godsdienstige en Nasionale Skadeberokkening.</u>

Dit is egter nie slegs in sy suiwer kerklike leer dat botsing tussen kerk en staat bestaan nie, maar ook in die godsdienstige en nasionale lewe. In die werklikheid bestaan die godsdienstige lewe van die nasie nou eenmaal vir die oorgrote meerderheid nie, behalwe in kerklike vorm, en dit is dan ook in dié vorm en in dié vorm alleen, dat die owerheid met die nasionale lewe in aanraking moet tree.[1] Skade wat die kerk berokken word, beteken ook skade aan die godsdienstige of nasionale lewe van lede van daardie kerk, en omgekeerd, en skending van die regte van enige burger van die kerk, beteken dat ook die kerk self aangetas word. Juis op die gebied van die Sondagsport-goedkeuring deur die staat kom die feit na vore. Die N.G.kerklid het naamlik die reg om aan al die deur die staat beskermde openbare aangeleenthede deel te neem. Maar deur die toelating van die owerheid dat die dag van die Here vir sport-aangeleenthede gebruik mag word, en omdat die N.G.Kerklid die dag nie as 'n sportdag mag gebruik nie, word hy beroof van sy regmatige aandeel aan die ontspanningslewe van die staat. Terwyl die Kerk dus gewetensvryheid erken, kan hy nie neutraal bly staan teenoor die besliste geestelike gevaar wat in die georganiseerde Sondagsport en in die daarmee gepaarde sedelike oorredingsvermoë, wat so 'n geweldige invloed op die indiwidu kan uitoefen, geopenbaar word nie. „Jongmense wat 'n sterk en heeltemal geoorloofde begeerte het om te presteer op die sportbaan, en wat glo dat Sondagsport in stryd is met Christelike beginsels, swig geredelik voor die smeekstem van hul medesportvriende, veral as hulle voel dat dit die enigste middel is om hulle ambisies te verwesenlik. Dis bekend dat jongmanne wat baie belowend was, maar sekere oortuigings huldig, weggelaat is uit belangrike wedstry-

---

1) Vgl. Kuyper: a.w., 1121.

de, omdat hulle geweier het om Sondae te speel."[1] So ook word die enigste Afrikaanse Rugbyklub, Inyazura, uitgesluit uit die mededinging om die landsbeker omdat dié klub weier om op 'n Sondag rugby te speel.

Maar die dualisme wat in die gemoed van die indiwidu ontstaan, kan nie anders as ondermynend op die kerk inwerk nie omdat dit in baie gevalle dan verwydering van die kerk meebring indien die jongmense sou besluit om tog aan die Sondagsport deel te neem: 'n Valse, skadelike en onredelike dualisme dus wat deur die staatsaangevuurde liberalisme in die gemoed van die indiwidu geskep word, met die noodwendige gevolg dat die indiwidu miskien in goedertrou, veral by die begin - teen sy kerk sal kant kies om die liberalistiese ongeloof te versterk.

Maar nie alleen in die indirekte bedreiging van die burgerregte kan die gevaar van die liberale staat gesien word nie; dit kom in sy konkrete vorm na vore deur die werklike ontneming van die burgerregte van diegene wat nie met die beleid van die staat saamstem nie: Nog voordat krygswet in Rhodesië uitgeroep is, het die N.G.Kerk al vertrou "dat die regering kennis dra van die feit dat baie Afrikaners hulle nie geroepe voel om oorsee te veg nie. Daarom vermoed ons dat van Afrikaners dus nie ge-eis sal word om buite hul land te gaan nie," terwyl tog aangeneem is dat "ons geroep mag word om met die wapen in die hand as goeie burgers ons land te verdedig. Ook hier is Afrikanerbloed gestort, en wat ons voorgeslag vir ons gewerf het, pas dit ons om met alle mag te verdedig."[2] Na die konskripsie-wette ingetree het, het die Ring 'n vertoog tot die Regering gerig dat gewetensbesware in aanmerking geneem word, en is belowe dat sulke besware in verband met militêre diens simpatieke oorweging sou geniet.[3] Daarom was die Ring dan ook

---

1) Zambesi Ringsblad: Mei 1946, 7.
2) Zambesi Ringsblad: Oktober 1939, 7.
3) Vgl. Zambesi Ringsblad, Junie 1942, 3.

„geskok" daaroor dat deur die owerheid die jongmanne wat „geweier" het, gestraf is en eindelik, nadat hul burgerregte deur die Hof hulle ontneem is, en die van hulle vrouens ook, met oneer uit die leer ontslaan is. En die burgerregte is dan ook „ad infinitum" ontneem want daar was geen tydsbepaling nie. En dit nadat die Ring verklaar het dat hy op geen wyse die skyn van goedkeuring heg aan moedswillige verontagsaming van militêre bevele nie maar aan die anderkant oortuig daarvan was dat „as jongmanne in so'n geval gedwing word tot 'n keuse tussen militêre bevele aan die een kant en godsdienstige en gewetensvoorskrifte aan die ander kant, hulle geëer moet word as hulle die weg kies wat eerlik deur hulle gewete voorgeskryf word." „Onder die omstandighede het die Ring op die Regering 'n dringende maar tevergeefse beroep gedoen om die gemelde jongmanne van hulle straf te onthef.[1]

Die owerheidsbeskouing was dat omdat die manne as <u>soldate</u> <u>vir</u> die staat (en geensins <u>in</u> die staat nie) nutteloos was, hulle as <u>burgers</u> van die staat nutteloos was. Daar is nie op die meriete van die saak ingegaan om te bepaal in hoeverre en wie reg aan sy kant gehad het nie, maar slegs die almag van die staat is aangetoon. „We had no use for these men as soldiers. They were a useless expense, far too expensive for what they were willing to do. They were for the most part of low mental development and quite useless to us...." het die Eerste Minister verklaar.[2]

Uit die aard van die saak was dit dus onmoontlik vir die imperialistiese owerheid om aan die versoek van die N.G.Kerk gehoor te gee. „L'Etat c'est moi" - De staat ben IK! - zegt het revolutionair gouvernement, omdat niets van wat onder zijn bereik en geweld valt, eigen bestaan of regte, of vrijheid, of wil heeft....al wat het verrigt, al wat het vraagt is ten algemeenen nutte, tot heil en zegen van het volk. Het heeft, ter bemanteling van de meest hatelijke zaken, de meest liefe-

1) Zambesi Ringsblad: Junie 1942, 3.

lijke woorden beschikbaar."[1]

3. DIE LIBERALE IMPERIALISTIESE STAAT EN DIE AFRIKAANSE GEMEENSKAP IN BOTSING.

Die Liberalistiese imperialisme waarteen die N.G.Kerk optree, bots nie alleen teen die godsdienstige en burgerlike belange nie, maar ook teen die Kerk in soverre die kerklike vorm hom in die vaderlandse en nasionale uiting openbaar. In seker geen ander opsig kom die tweespalt tussen Kerk en staat so duidelik uit nie as wanneer die Kerk ook volgens sy Christelike belydenis eis dat alle pogings in die werk gestel moet word om ekonomiese, maatskaplike en staatskundige geregtigheid te laat geskied aan alle dele van die Volk, en waar die N.G.Kerk waak teen enige distriminasie teen die Afrikaner. Die N.G.Kerk glo „aan die besondere roeping van God met die Afrikanervolk, glo dat die Afrikanervolk... 'n Godsgedagte moet verwesenlik, en die roeping om 'n Christelike blanke volk te bly, nie kan verloën nie. Ons moet onsself bly as Christenvolk, sodat Gods doel met ons bereik kan word."[2] Hy glo en bely „dat die Alwyse Skepper, soos in die Heilige Skrif vir ons geopenbaar, geen eenvormigheid nie, maar 'n veelvuldigheid van nasies gewil het en deur die veelvormigheid van rasse, volke, tale en kulture, Sy Raad uitvoer," en is derhalwe van oordeel „dat daar rassevrede, eensgesindheid en samewerking tussen Afrikaners en Engelse en trouens tussen alle blankes moet wees met wedersydse erkenning van hul taal, hul kulturele, opvoedkundige en godsdienstige regte ter handhawing van ons swaar bedreigde blanke beskawing in Suidelike Afrika."[3] En dit glo die Kerk ook ten opsigte van die gebied Rhodesië wat 'n deel van suidelike Afrika is.

a. Rhodesië 'n Suid-Afrikaanse kolonie, en nie 'n Britse nie.

Die Rhodesiese Afrikaner is 'n deel en nie 'n aanhangsel van die kolonie,Rhodesië nie, hy is 'n me-

1) Van Prinsterer: a.w., 244.
2) Die Zambesi Ringsblad, Mei 1943, 1.
3) Genootskap van Afrikaners, Statute 17.

de-kolonis, medestigter van die Rhodesiese „staat". „Die Afrikaners in Suid-Rhodesië kan nie praat van die „land waarin hulle woon" nie – „The land we live in" – hulle is hier vasgegroei met wortel en tak.".[1]

Dit wil dan ook voorkom of al die botsings met die Afrikaners in Rhodesië teruggevoer kan word tot die wanbegrip dat Rhodesië 'n suiwer Britse kolonie is. Rhodesië is 'n Suid-Afrikaanse kolonie onder Britse of Brits-imperialistiese bestuur, dit is 'n deel van Afrika of te wel ook Suid-Afrika en nie 'n deel van Brittanje nie. In Hoofstuk 1 is daar dan ook gepoog om die rol wat die Afrikaner in die oopstelling van die land gespeel het, te skets. Daar was by daardie eerste Britse konsessie jagter geen idee dat die nuwe gebiede uitsluitend Brits sal wees nie. „Many years ago, at a time when the scheme for the colonisation of the high and healthy plateaus lying between the Limpopo and the Zambesi had not yet assumed definite shape on the fertile brain of Mr. Cecil Rhodes I remember writing that those territories were in my opinion the natural heritage of the British and Dutch colonist in the older states of South Africa. My forecast was true enough, for although in its first inception the colonisation of Rhodesia was a purely British enterprise, yet to-day in less than six years from the date when the Union Jack was hoisted at Fort Salisbury and the country proclaimed to be a province of Britain, it already numbers amongst its inhabitants a very considerable number of Dutch Boers, who form an element of the population which in all South African history has been found indispensable for the gradual conversion of vast uncultured wastes into civilised states,"[2] het daardie onpartydige jagter, Selous, meegedeel. Hy het gevoel dat „neither race can get away from of do away with the other....a cynical disregard for all the principles of enlightened government will be assuredly held in execration by unborn generations of Boers and Britons alike".[3]

1) Zambesi Kringsblad: Oktober 1939, 9.
2) Selous: Sunshine and Storm in Rhodesia, 243, 244.
3) Idem, 246.

Hy het dan ook voorsien dat „all the various States of South Africa will nog doubt be united sooner or later under one flag, but I am beginning to have my doubts as to what flag that will be ....After all the Boers are intitled to some consideration in the matter of the flag which is eventually to fly over the confederated states of Africa; and for my part I would rather see a confederation take place under a compound flag composed of equal parts of the Union Jack and Dutch ensign with a bit of a French Flag let in to represent the Hugenotes"[1]. Dis dan ook te verstane waarom juis Selous deur Rhodes en Jameson gebruik is om met Lobengula oor die wyse hoe die noorde bereik kon word, te onderhandel, en dat Rhodes hom persoonlik £2000 gegee het vir sy „tyd en arbeid"[2].

Ook van Afrikaanse kant is hierdie land beskou as die „joint possession" en die „national heritage" van die bevolking van Suid-Afrika. Dit is daarom dat die Afrikanerbond Rhodes alle steun toegesê het. In hom het hulle slegs die medium gesien waardeur 'n „verenigde Suid-Afrika onder 'n eie vlag" opgebou kan word. „It is quite natural that the Englishman in the fight for our natural liberty would not only go with us, but what is more, take a leading part," het ds. S.J.du Toit in die verband verklaar. Engeland was slegs die tydelike beskermheer: „Let us not ignore the guidance of Providence. God has given us England as a guardian, a more considerate one than Israel found in Pharoah of old. And we had need of England, especially of English capital and English industry. Again, what would the colony have done with its diamond-fields and the Transvaal with its goldfields, if England had not provided the millions of money with which the mines were opened and worked. And still we have need of England. The opening of Mashonaland and Matabeleland has already cost upwards of a million, and will cost several millions more before railways and telegraphs are opened, towns and bridges are built, and the

1) Selous: Sunshine and Storm in Rhodesia, 248.
2) Vgl. Preller: Grobler Moord, dl. 11, 202.

gold mines are in full working order. We have not the money for all that. God has ordained England to educate us as a nation, and to open up our country for us. We shall gratefully review all this when the day of our majority dawns,"[1] het dié versiende staatsliede besluit. Ook geen wonder dat Rhodes juis dié manne wat soveel ter bevordering van sy ideale van 'n Verenigde Suid-Afrika deur middel van hul pen kan verrig, soos die Du Toit in die Suide en Selous in die Noorde, in verband met die toekoms van die land (Rhodesië) genader het nie. En dit is dan ook gedeeltelik aan die optrede van die Afrikanerbond te danke dat alle pogings om 'n suiwer Afrikaanse kolonisering van Rhodesië te bewerkstellig, misluk het, want volgens die Afrikanerbond wie se bedoelinge in volkome „ooreenkoms en harmonie was met 'n vurige lojaliteit jeens Haar Majesteit die Koningin" kon daar geen sprake wees van afskeiding van enige deel van Afrika nie, maar wel vereniging van die afsonderlike dele.[2] „Ik ben niet ten gunste van het plan der boeren om op eigen houdje te trekken, ik zou liever zien dat zy met den heer Rhodes 'n schikking maken, hy is liberaal genoeg. De Boeren moeten liever op 'n vriendelike voet met de Engelschen blyven" was Du Toit se welwillende advies toe die Adendorff-Trek onderneem is.[3]

Rhodes self het dan ook die Afrikaners in die pionierkolonne ingesluit en het ook geen ander doel gehad as dat daar 'n Verenigde Suid-Afrika sal wees nie.[4] Hy het die ontwikkeling van die binneland uit 'n praktiese standpunt beskou. In 'n toespraak op die Paarl het hy aangetoon dat sommige van die boere miskien twintig jare tevore 'n boereplaas gehad het en dat die plaas groot genoeg was toe hulle nog alleen was, dog daar was teen 1890 reeds vier of vyf seuns „en sommigen van hen moeten nieuwe woningen zoeken, en velen moeten noordwaarts gaan. Welnu, ik geloof niet, dat een van u mij

1) Du Toit: Rhodesia, 11, 12.
2) Blok: Die Adendorff Trek, 25. 26.
3) Blok: a.w., 27.
4) Sien Hoofstuk 1.

blameren zal, indien ik zeg dat ik, dit geloof hebbende, het raadzaam geacht het om het nog overblijvend deel van het Noorden voor de Kaapkolonie in bezit te nemen."[1] Du Toit het daarom ook op sy vraag of Afrikaners die land sou bewoon, die antwoord gekry. „Ja want hulle is dié beste pioniers van die beskawing."[2] Die kolonisering van Rhodesië sou in die eerste plaas soveel moontlik geskied deur die landseuns uit verskillende state en kolonies van Suid-Afrika, „als zijnde de ervarendste en geschikste pioniers voor de beskawing en ontwikkeling van zulk een land."[3] Daarom dan ook het Rhodes verklaar dat elke boer wat in die land intrek, dit sal doen onder die vlag en wette van die getjarderde kompanjie wat gebaseer sal wees op dié van die Kaapkolonie,"[4] en nie van Engeland nie. „The Cape Colony should claim to hold the keys of the interior,"[5] het Rhodes verklaar. Ook sou hy gesê het: „Wat Zambesie betreft, kan ik u verklaren dat er mettertyd een verandering zal moeten gemaakt worden.... tot een stelsel van vereniging met de Kaapkolonie. Die ontwikkeling van het Noorden is de ontwikkeling van de Kaapkolonie. Ik heb deze noordelike uitbreiding ondernemen als een Kaapkolonist.....Het is voor my een groots idee om de ontwikkeling van het Zambesi uit te voeren en te gelyk in aanraking en samenwerking met het volk van de Kaapkolonie te blyven."[6]. In verband met sy uitbreidingsplanne na die Noorde het hy selfs die samewerking van president Kruger gesoek. „We must work together," het hy gesê, maar het so gesteun op die hulp van die Kapenaars en Kruger se eie burgers („I have two thousand of them"), dat hy bereid was om die stryd oor die binnelandse gebiede in belang van die Kaapkolonie aan te knoop.[7] Daarom het hy dan ook volle regte aan beide Afrikaners en Engelse geskenk want sonder die hulp van die Afrikaner

1) J.Hofmeyr: a.w., 451.
2) Sien Blok: a.w., 47. J.Hofmeyr: a.w., 450 - 464.
3) Blok: 48.
4) Idem: 49.
5) McDonald: Rhodes: A Life, 101.
6) Vgl. Hofmeyr: a.w., 452.
7) McDonald: a.w., 100, 283.

was sy planne onuitvoerbaar. „How am I against the Afrikaner?" het hy verontwaardigd gevra. „Has any previledge ever been denied an Afrikaner and granted to any other race or class; I will tell you these are lies"[1] ...."I want to see equal rights and justice to both English and Dutch, and this you must make the basis of your policy.. You cannot live on race feelings. It is no use to stretch our imagination to the far interior of Africa unless the two races march together."[2] „Equal rights for every white man south of the Zambesi" was sy slagspreek.[3] Die geloof waarop die Afrikaner gereageer en Rhodesië binnegetrek en as sy tuiste aangeneem het <u>as deel van Suid-Afrika</u> uit 'n staatkundige oogpunt was dus geen hersenskim nie, en of die Britse owerheid dit wil weet of nie, was daardie geloof die krag van die ontwikkeling van die land.

Die Afrikaner is dus geen vreemdsoortige element in die land nie - hy is deel van die land net soseer as 'n Britse meerderheid in die Boererepubliek van Transvaal en 'n Boeremeerderheid in die Britse kolonie van die Kaap deel van die land was. Hy is geen ondergeskikte minderheid nie en uit 'n nasionale oogpunt geregtig op 'n paralelle ontwikkeling met sy Engelse medeburger. Dat hierdie paralelle stroom van die Afrikaanse volksdeel baie stadiger beweeg het en baie foute het, kan wel nie ontken word nie. By die kalme en soms koue en vrome karaktertrekke waaruit eenvoud, matigheid, geduld, simpatie en uithouvermoë spreek, was daar dikwels nog die stadige tred van die ossewa in die Afrikaner se lewensbeskouing sigbaar wat hulle laat oorweeg het wanneer hulle behoort te doen, 'n selfvoldaanheid en verdraagsaamheid wat in swakheid ontaard, 'n slaafse geloof in hul eie metodes, inrigtings en gewoontes wat hulle dikwels die noodsaaklikste vernuwings laat versmaai. Maar dit was deel van hul nasionale identiteit wat hulle

1) McDonald: a.w., 294.
2) Idem. 298.
3) Vgl. Walker: History of South Africa, 493.

moes behou en waarteen op nóg politieke nóg godsdienstige, opvoedkundige of historiese gronde teen hulle gediskrimineer mag word. En die bewussyn van hierdie Afrikaanse nasionale identiteit, solank dit vry bly van rassehaat, is net so noodsaaklik vir die hele bevolking van Rhodesië as wat dit vir Engelse burgers is om aan hulself „getrou te wees," want nasionaliteit veronderstel 'n gebondenheid van een mens aan 'n bloedeie - groep medemense, en is, soos gesê, 'n skepping van God self. „Dit is Hy wat Abraham geroep het en uit hom 'n eie volk, Israel laat voortspruit het. Nasionaliteit op aarde lê in die wil van God opgesluit en die mens self mag hierdie onderskeiding tussen volke nie veronagsaam of vernietig nie...In die mens het God self die liefde tot 'n volk (en land) ingeplant......Die hele geskiedenis van ou Israel is vir ons 'n les in Nasionalisme."[1)]

So glo die N.G.Kerk dan ook dat die Hollandse Afrikaanse volk en kerke deur God in die land geplant is, en glo dat hy daarmee 'n doel het wat nog verder verwesenlik moet word. Daarom moet dié Kerk bly voortbestaan, en dít kan alleen gewaarborg word as die Boerenasie sy identiteit behou te midde van ander rasse.[2)]

b. <u>Ongeoorloofde Verengelsing van die Afrikaner.</u>

Maar nou, trots die wesenlike aandeel van die Afrikaner in die land, wil die Rhodesiese owerheid geen <u>imperuim in imperio</u> duld nie. Dit is natuurlik 'n nuttige waarskuwing indien dit beteken dat in 'n welgeordende staat of gemenebes niemand <u>volkome</u> onafhanklikheid besit nie. Elke burger of groep is onderdaan in een of ander sin. Alleen, of verenigd met andere, is hy in alles wat tot die kennisneming van die staatsgesag behoort, in 'n sekere mate aan die owerheid ondergeskik. Maar die nuttige waarskuwing word 'n valse en gevaarlike magspreuk wanneer dit vir ondergeskiktheid lydelikheid verlang, selfstandigheid met onafhanklikheid verwar, en

---

1) Wapenskou: Junie 1944, 20.
2) Vgl. Referate gelewer voor Kerklike Kongres oor Enkelmediumskole, Desember 1942.

elke vrye werking van die nasionale dinamiek vir wederspannigheid hou en die nasionale „selfbestuur" van die Afrikaner nie alleen in sy afwykinge van die Engelse lewensbeskouing nie, maar in sy wese bestry, en so onder die skyn van 'n betaamlike handhawing van die gesag, na vernietiging van egte histories-gefundeerde vryhede lei wat nadelig op die staat in sy geheel moet inwerk, omdat dit 'n veronagsaming in eerste instansie is van die verorderinge van God soos dit betrekking het op die nasionale karakter.

In Rhodesië gee die owerheid toe, in 'n poging om die staatsgesag in al sy doen en late te regverdig, dat daar ten opsigte van die houding wat deur lede van die N.G.Kerk in belang van hul taal en kultuur en nasionale indentiteit geopenbaar word, onderskei moet word tussen „racialism as compared with racial pride, racial traditions, racial dissatisfaction or merely anti-Government views."[1] Waar hierdie „anti-Government views" dan ook saamval met die nasionale eise, verander dit, volgens die owerheidsbeskouing, in rassehaat by die Afrikaner. Daarom het die Ring van Bulawayo dan ook aan die owerheid berig dat dit futiel is „to attempt to avoid racialism and to eradicate its evils as long as one or both of the groups persist in seeking the course of defects in our racial relations solely in the action and attitude of the opposite group."[2]

i. Ontkenning van Afrikaanse Nasionale Voortbestaan in Rhodesië.

Die bron van die „kwaad" moet gesoek word in die proses van verengelsing wat in Rhodesië deur die owerheid goedgekeur, goedgepraat en aangemoedig word, en indien daar geen N.G. Kerk was wat die historiese selfstandigheid van die Afrikaner in Rhodesië verpersoonlik het nie, ook ge-eis sou word. Daardeur sal die kind en die ouer wel „gered" kan word vir 'n imperialistiese liberale staat, maar dit slegs tydelik, want dit moet ska-

1) Enkeldoorn and School Commission Inquiry, 1945, 12.
2) Idem. Ringsnotule 5.4.1945.

delik werk vir die staat op die duur as die gereformeerde religie enige waarde, of die historiese openbarings, soos uit die geskiedenis van die Afrikaanse volk onder Engelse oorheersing spreek, enige waarheid bevat. Dit lei tot verbrokkeling nie alleen van die volk en Kerk nie, maar, wat die belangrikste is, ook van die beste kragte wat die indiwidu in die diens van die hele volksgemeenskap behoort te gebruik het.[1] Die verengelsingsproses, is gewetenloos omdat daarmee nie alleen die regmatige plek wat die Afrikaner in die land moet neem volgens die historiese feite, probeer ontken word nie, maar ook in die flagrante mistasting oor die opvatting van die fondamente waarop 'n staat gebou word. Dit is tragies in sòverre as wat die gewetenloosheid van die proses nie deur die owerheid kan of wil begryp word nie.

Die kern van die Engelse beskouing oor dié proses spreek die duidelikste uit die staatskommissie wat rasse-aangeleenthede, onder meer, in die land moes ondersoek.

In hierdie kommissie het daar net Engelssprekende lede sitting gehad, te wete James S.H.Grant, Major Hugh R.Mundy, Harold N.Palmer, John Reed-Rowland en William T.Smith.[2] Trots die feit "that there was not always a clear appreciation on the part of the public as to our true functions,"[3] en in weerwil van die feit dat "regrets were voiced in some quarters at the non-inclusion of a woman member on this commission, and also at <u>the absence from the commission of a member of the Afrikaans community,"</u> kon die kommissie aan die einde van hulle ondersoek verklaar "that in view of the free and frank manner in which evidence had been given to us, and discussed, neither ommission has in any way handicapped the performance of the duties assigned to the commission". Maar die Afrikaner het nie gepleit om verteenwoordiging in die kommissie ten einde die "uitvoering van die pligte" van die kommissie te bespoedig nie, (hoewel dit ook) maar

1) Vgl. Referate F.A.K. Kongres 1939, 65 e.v.
2) Vgl. Government Gazette: 2.3.1945.
3) Enkeldoorn and School's Commission, 5.

teneinde te waak teen die gevolgtrekkings wat so 'n kommissie kan maak. Dit was volgens hul beskouing 'n kommissie wat uit die aard van die saak onbevoeg was om die standpunt van die Afrikaner ten volle te waardeer, deurdat dit te eensydig saamgestel was. Die swakheid het al dadelik deurgeskemer toe die pers berigte oor die bevindings van die kommissie begin publiseer het.

Die Ring van Bulawayo het die gevaar reeds ingesien en vroegtydig gewaarsku: „in the interests of unity the Presbetery wishes to urge a strictly impartial report on the findings of the Commission of Inquiry since it is urgently necessary that racialism, from whatever source, be traced to those responsible for it."[1)]

Nog voordat die kommissie klaar was, is reeds deur die Afrikaners gekla dat die openbare pers van die kolonie „is often inclined to adopt an attitute prejudicial to an impartial understanding of the Afrikaner's point of view in matters in which this is at variance with that of other sections of the community." Die kommissie het verklaar: „We are bound to admit that in the published reports of the proceedings of this commission we have noticed a tendency on some occasions to curtail unduly the reports of the evidence given by Afrikaner witnesses, which was of no less value and public interest than that offered by other witnesses more fully reported; indeed several complaints were made to us."[2)] Daarom het die Afrikaner dan ook gevoel dat sy saak verdraai en wanvoorgestel is.[3)] „From different quarters legitimate objections have been raised to the partiality of reports of the evidence given before the commission. Such partiality has caused doubt among Afrikaners and created a feeling that there case is not fully represented."[4)] In hul poging om die bevindings van die kommissie te prejudisieer ten gunste van die imperiale beskouing, het die Engelse pers nie alleen in Rhodesië nie maar ook in die

1) Enkeldoorn and School Commission Enquiry, 86. Zambesi Ringsblad: 5.4.1945.
2) Enkeldoorn Commission, a.w., 70.
3) Bulawayo Chronicle: 30.4.1945.
4) Enkeldoorn Commission, 70.

Unie van Suid-Afrika 'n bevooroordeelde houding aangeneem. „The editor of an English paper in Cape Town considered it fit to meddle in purely Rhodesian affairs and to attack Afrikaners and their church in a leading article. To use the words quoted by an editor of the Bulawayo Chronicle, he states the case in an „unfair and distorted fashion" and accused one of our Ministers (N.G. predikante - S.P.O.) of „a miserable attempt to immortalise race distinction calculated to undermine all confidence."[1)] Maar die kommentaar buite Rhodesië, wat net dien om aan te toon hoedat die hele land deur wanvoorstellings geskaad kan word, het gekom van verdraaide voorstellings wat die pers in die land met betrekking tot verklarings van Afrikaners gemaak het, voorstellings wat dan ook deur die Ring sterk veroordeel is „inasmuch that in a recent editorial the Executive Committee of the Presbitery was wrongly accused of making a misstatement, whereas the same editorial contained two misstatements, reflecting adversely on the Afrikaans community. The spirit manifested in this editorial together with that of several articles published in other newspapers of the colony are not calculated to promote and maintain the desired co-operation."

Dit was dan die eerste faktor - bevooroordeling - wat in die aanstelling van 'n eensydige kommissie die ondersoek na 'n oplossing van rasse geskille in Rhodesië bemoeilik het.

Maar deurdat daar geen Afrikaner in die kommissie sitting gehad het nie, was dit moontlik dat 'n suiwerder en opjektiewer beskouing vanuit Engelse oogpunt geformuleer kan word en dít was dan ook wat die Afrikaner as waardevol beskou het, want daaruit sou hy sien nie alleen wat die Engelse owerheid van hom verlang het nie, maar ook weet of aan daardie verwagting voldoen moes word, en indien nie, watter weg om in te slaan - en dit veral op onderwysgebied aangesien die hele ondersoek

1) Bulawayo Chronicle: t.a.p. Vgl. ook Verklaring: Genootskap van Afrikaners aan Pers, Bulawayo 30.5.1945.

uit skoolaangeleenthede ontspring het.

Uit die gevolgtrekkings van die kommissie was dit duidelik dat hulle (die kommissie-lede) anglisering van die Afrikaner goedgekeur het of indien hulle dit nie openlik goedgepraat het nie, die proses nie afgekeur het nie. As hulle dit wou doen, het hulle verskeie geleenthede gehad om hulle daarteen uit te spreek. Daar is onder meer die getuienis van die N.G.predikant van Melsetter, ds. O.S.A.Robertson. „At Chipinga" so lui die verslag van die Kommissie, „the Revd. O.S.A.Robertson (Dutch Reformed Church) crystallised the feeling which had been expressed by Afrikaans witnesses elsewhere against those Afrikaners who had abandoned their Afrikaans outlook, and no longer identified themselves with their own people. He instanced the case of an Afrikaner woman who was living in the Union of South Africa speaking of Melsetter as „That Dutchified place; none of it for me."

The Revd. Robertson went on to say: „It is instances like that which determines Afrikaans-speaking people to fight against any signs or any movement of anglicisation to the utmost of their power, because I consider that such people are not good Rhodesians. They are not good English people and they are not good Rhodesians, (Afrikaners? - S.P.O.) and they can only make themselves detestable in the eyes of the English public and cast a slur on the Afrikaner people." 1)

So het 'n ander Afrikaanse „getuie" verklaar dat die moeilikheid tussen die twee rasse in Rhodesië nie ontstaan het omdat daar twee aparte rasse was nie, en dat samewerking tussen die twee elemente Afrikaners en Engelse moontlik was, maar dat „verengelsing" die bron van al die kwaad was. „Racialism has, quite unnecessarily, been a curse to South Africa, from the Cape to the Zambesi." 2) „If English speaking and Dutch speaking Rhodesians get together they understood each others pro-

1) Enkeldoorn and School Commission: Section 68.
2) Bulawayo Chronicle: 30.4.1945.

blems, but trouble arose when the Afrikaner professed to be something else......The big trouble came from Afrikaners who tried to Anglicise themselves."[1] Nogtans het die kommissie nie geskroom om te vra, "If there were any special reasons why Afrikaners should not Anglicise,"[2] waarop dié getuie, soos na die kommissie hierbo bevestig het, ook talle ander gedoen het, aangetoon het (en hy was geen hoog-kerklike amptenaar of kultuur-leier nie) "that if a man was born an Afrikaner he would never be anything but an Afrikaner and it would be useless for him to try to make himself an Englishman. He was not ashamed to say he was an Afrikaner, and he admired an Englishman who was not ashamed to say that he was English....the true Englishman and Afrikaner would get on all right; it was the Afrikaans people who pretended to be Britishers who caused the trouble.....The psuedo British - Afrikaners pretended to be one thing when they were with the English, and another thing with the Afrikaners. The government should not pay attention to that sort of Afrikaner."[3]

Indien die kommissie met enige ander "gees" as die liberale imperialistiese besiel was, sou die getuienisse van soveel persone en liggame asook die herhaalde pleidooi van die Afrikaanse kerk dat die Afrikaner homself moet bly terwille van sy eie volk en kerk en siel, terwille nie alleen van die Afrikaner in die land nie, maar terwille van die hele land, nie anders as die uitgesproke en geregverdigde, die gewettigde en gewenste oplossing van die rassemoeilikhede in die land aangedui het nie. Immers as al die Afrikanergetuienisse dieselfde moeilikhede raaksien en dieselfde oplossing aanbied, is dit nie klaarblyklik dat uit die Afrikaner-oogpunt daar 'n greintjie waarheid in hul verklaring van die moeilikhede moet wees nie, en dat, by gebrek aan enige teenoorgestelde verklaring van enige ander Afrika-

1) Salisbury Herald: 10.3.1945.
2) Idem.
3) Enkeldoorn Commission: 68.

ner, die kommissie geen ander keuse gehad het dan om die beskouing van dié hier aangehaalde getuienisse te onderskryf nie. Daardeur sou 'n groter mate van samewerking in die staat verkry kan word, en sou, as Rhodesië dan 'n aparte nuwe „vaderland" moet word, die gewenste „vaderlandstrots" verseker word. Nuwe lande mag daar wees, maar daar is nie so iets soos 'n nuwe mens nie. „For man in the deepest side of his nature is immemorially old; and those make the best citizens of a new country who, like the French in Canada and Louisiana, or the Dutch in South Africa (to mention no specifically English examples), bear with them on their pilgrimage and religiously treasure in their new homes, the best of the spiritual heritage bequeathed them by their fathers."[1)] Daarom kon die owerheid dan ook nie verlang dat hier uit die Afrikaner 'n nuwe Rhodesiese mens moet ontstaan wat sy eie verloën, en 'n verengelste „homo" moet wees nie - 'n tipiese en eienaardgie soort Afrikaner wat verander, en noodwendig gefossileerd sou geraak het - in die „homo Rhodesiensis." „You cannot by teaching (Engels mediumskole) or by environment ('n Engelse kolonie) give a man a new nationality, any more than by watering you can give a cut flower new roots. Yet teachers and missionaries, statesmen and propagandists, idealists and philosophers are constantly attempting to do so - sinning at once against humanity and against the dictates of human conscience. Nationality is an element that springs from the deepest side of man's nature; you can distroy it by severing men from their past and from the immemorial traditions, affections and restraints which bind them to their kin and country. But you cannot replace it, for in the isolated shrunken individual, the cut flower of humanity with whom you have now to deal, you have nothing left to work on. Such education as you can give him will be the education of a slave: a training not of the whole man but of certain aptitudes which may render him a useful workman, a pushing

1) Zimmern: Nationality and Government, 121.

tout, or even a prosperous merchant, but never a good citizen. And he will revenge himself on you, in the subtlest and most exasperating of ways, by triumphantly developing into a bad imitation of yourself."[1)]

Maar wat was die besluit van die kommissie na aanleiding van die glasheldere getuienisse van die Afrikaners? „We are wholly unable to agree that because an Afrikaner becomes anglicised in his or her outlook and way of life, he or she must cease to be a good Rhodesian, and becomes acceptable to neither Britishers nor Afrikaners. No moral or logical argument can be advanced in support of such a statement."[2)] Juis omdat die Afrikaner 'n oplossing vir die rassemoeilikhede aangebied het wat nie gestrook het met die oplossing soos die kommissie dit wou gehad het nie, en die lede van die kommissie gemeen het dat dit behoort te wees nie, is die Afrikaner se standpunt met onverskilligheid en veragting bejeen, en het die verwagte samewerking weer die dooiepunt van weleer bereik. „Just think of the moral and physical energies that have been fruitlessly dissipated upon reciprocral demolition. Instead of wilfully and vindictively cancelling one another out by mutual counteraction, we appeal to our English-speaking fellow Rhodesians to add their energies to ours. for the common service and good of the country," het die Afrikaners gepleit.[3)]

Die houding en besluit van die kommissie kan nie anders as getuig van 'n gebrek aan onderskeidingsvermoë en 'n gebrek aan 'n standhoudende wetenskaplike en Christelike opvatting oor die nasionale identiteit en nasionale roeping nie. Waar dit deur die N.G.Kerk as „onchristelik" bestempel word, wil dit natuurlik nie sê dat so'n opvatting soos deur die kommissie geopenbaar ,naamlik goedgekeurde volksvervreemding, nie in die kraam pas van die imperiale „verligte" teorie oor die toekoms van volkselemente binne die Britse Ryk nie. Hoeseer die

1) Zimmern: a.w., 121.
2) Enkeldoorn and Schools Commissions, Section 69.
3) Idem: Section 88.

verengelsing alreeds deurgewerk het in die volkslewe, blyk onder meer uit die volgende opmerkings: „The effect of this anglicising process is a strange anomaly, of which the Afrikaners themselves are apparently unaware. Their outlook on life, their conceptions of the world abroad, their methods of Government and business administration, their ideas of sportmanship, even their manners and forms of social intercourse, bear the trademark: Made in England,.....As a social animal the Afrikaner belongs to the species called Briton."[1) ] „Na verloop van 'n eeu, is byna die hele stoflike en geestelike wêreld van die boerebevolkinkie verengels. Met behulp van 'n maternity nurse en 'n doctor tree ons die wêreld binne; met behulp van Lactogen word ons groot; in 'n pram word ons deur 'n nurse-girl rondgestoot; met Engelse speelgoed word ons harte by Krismis verbly; ons neem deel aan sport en verag die wat toon dat hulle geen sportmanne is deur nie die game te speel nie; in Engels-Amerikaanse moutors ry ons eindelik na ons trouery waar 'n Engelse lied en 'n Engelse orkes met Engelse blêr-liedjies, whiskey, claret en Champagne die gaste vrolik en langdradige toasts hulle slaperig maak; en op die ou end gaan ons dood en word deur Engelse undertakers en in Engelse doodkiste begrawe, of liewer gecremate; - van die wieg tot aan die graf is die wêreld rondom ons Engels.[2)] „By making the state and the nation commensurate with each other in theory, this principle reduces practically to a subject condition all other nationalities that may be within the state's boundary. It cannot admit them to an equality with the ruling nation which constitutes the state, because the state would then cease to be national, which would be a contradiction of the principle of its existence. According therefore to the degree of humanity and civilization in that dominant body which claims all the rights of the community, the „inferior" races are exterminated, or reduced to servitude or outlawed or put in a condition

1) Barnouw Language and Race Problems in South Africa, 40-41.
2) Rousseau: Invloed van Engels op Afrikaans, 67, 68.

of dependence." het A.Zimmern aangehaal,[1] en dit as die „Pressiese" metode bestempel.[2] Maar dan veronderstel dit dat die „godsdienst op den agtergrond raakt, en er, by schemerlicht in het verstand, duisternis in het hart is."[3] Of soos Zimmern dit ook uitdruk:.....„the alternative to Nationality in the modern world is not governmental oppression but spiritual atrophy. And I think spiritual atrophy is equally disastrous whether it comes about through the action of a repressive Government or through the disintegrating influences which are variously discribed by such names as „Progress, Civilization, Culture, Assimilation...."[4] Daarmee word die gewete van die nasie vereelt in plaas van veredeld en die besef van die roeping wat die Afrikanernasie teenoor God ook buite die volksgrense moet volbring in die liberale goudroes, „uitgeslyt."

Dié „nasionale" getuienis het die kommissie verwerp en waar daar geen nasionale getuienis vir die ewige waarhede van die Christendom aangeneem word nie, tree in werking die mislukte nabootsing van 'n wêreldse diplomatieke stelsel.

Dít was dan ook waarom die N.G.Kerk hom gedwonge gevoel het om te waarsku teen ondergrawing van die fondament van die Christelike staat. Die Kerk kon ook nie anders nie, dit was sy taak as soewereine instelling wat die waarheid en niks meer of minder nie ten faveure van enige mens moes verkondig. En dit was ook sy plig as die besondere instelling van die Afrikaanse volk.

Maar die kommissie wou blykbaar 'n ander lewensopvatting van die Kerk en die Afrikaner hê, en toe dié nie voorkom nie, moes die aangebode oplossing van die hand gewys word, en die beskuldiging die Kerke teen die hoof geslinger word dat ten opsigte van rasse-samewerking „any specific efforts by them in this direction have not been apparent."[5]

1) Zimmern: Nationality and Government 47.
2) Idem.
3) Groen van Prinsterer, a.w. 232.
4) Zimmern a.w., 67, 68.
5) Enkeldoorn and School Commission, Section 90.

Die Kommissie was blykbaar nie op hoogte van die tal van verklarings teen denasionalisering van enige aard nie. „Renationalization even under the most favourable circumstances, for example the absorption of an alien into the surrounding civilisation of America, is ineffective in practice.......The theory of Renationalization is based upon an obselete system of psychology namely the doctrine of the Faculties, a system which, applied to education neglects the limitation of the teacher by the nature of the taught. The theory of Renationalization by language tends to the fallacy of Word-magic, namely the idea that a word has a fixed connection with its „referent," and that by acquising the word one acquires the referent."[1] Moes die kerk dan getuienis lewer teen sy geloofsbelydenis en teen alle historiese feite in? Nie alleen sou dan die kerk sy roeping ontrou gewees het nie, maar sou die openbaring soos in die geskiedenis vervat, versmaai word, „The Greeks, the Romans, the Teutons all left copious records of their conviction that their respective achievements were due to the qualities inherent in a peculiarly gifted blood. After the passing of Rome the partition of the civilized world between Christain and Mohammedan found a similar explanation in the genealogies of the patriarchs that figured in the sacred writings of both creeds. When the medieval monarchies began to appear on the soil of the Carolingian empire their virtues were laboriously imputed by might and legend to the heroic stock from which rulers or people or both had sprung. From feudal times this racial explanation of political phenomena was transmitted to the modern era."[2] Maar die imperiale staat is te liberaal, te gesofistikeerd om die wese van enige ander nasie, die siel van die Afrikaanse volk te erken as bestaande uit die feit: (1) dat die Afrikaanse volksdeel 'n gemeenskaplike Christelike erfdeel van herinneringe besit „whether of achievement and glory or of sacrifice and suffering"[3] en (2) dat dit die

1) West: Bilingualism, 2.
2) Dunning: Political Theories, Vol. 1, 312.
3) Dunning: a.w., 338.

uitgesproke begeerte, die positiewe verlange by die individue was om as 'n aparte volksgroep in Rhodesië saam te lewe, en om daardie erfdeel te geniet en aan mekaar en aan die nageslag oor te dra.

Op hierdie positief Christelike en Calvinisties Gereformeerde, op hierdie sielkundige fondamente was samewerking moontlik, en nie op die basis van een ras in die land nie (die term ras self is dubbelsinnige en duister); ook nie op die basis van een taal nie, want nie alleen in Rhodesië is daar twee historiese volksgroepe nie, maar in Switserland, België en Suid-Afrika is daar meer as een groep wat saamleef en hul identiteit nog altyd behou het, terwyl dit aan die ander kant duidelik moet wees dat die Verenigde State van Amerika en Engeland nie 'n nasionale eenheid is nie trots die feit dat albei lande dieselfde taal praat; ook nie op die basis van gemeenskaplike belange nie want dit kon ontaard in 'n soort nasionale tol-unie. Maar alleen op dié Christelik historiese grondslag kan die twee „rasse" in Rhodesië saamwerk.[1] Dit is die gemeenskaplike erfenis ook van albei „rasse" wat die N.G.Kerk en die Afrikaner, van sy kant altans ten alle koste wil bewaar en moet en wil oordra.

En dit wel nie omdat die Afrikaner beleef het dat uit die volksrampe, onder die strenge „tugroede" van die vreemdeling, deur die verdrukking en onderdrukking self, soos in die Unie van Suid-Afrika die geval was, 'n nasionale herrysenis voorberei word nie, maar omdat dit die ergste is wanneer 'n nasie wat reeds in die Afrikaanse geskiedenis 'n „toonbeeld der zegeningen Gods op de belijdenis van het Evangelie geweest is," aangemoedig word en gevaar loop om deur eie en vreemde ontzenuing verbasterdte raak; „wanneer ze, in de ondankbaarheid van haar afval, een nationalen sielemoord pleegt, en eer ze het doodvonnis ondergaat, het levensregt verbeurt."[2] Vir so'n geskiedenis en teen so'n ontsenuing en ondankbaarheid wil die N.G.Kerk in Rhodesië waak, om te verse-

1) Van Prinsterer: 1813, enz., 2.
2) Van Prinsterer: 1813, a.w., 4.

ker dat die Afrikaner sy beste kragte sal gebruik tot eer van God en in diens van die land in sy geheel. En dit nie om te kenne te gee dat juis en net die Afrikaner die „monopolie" van die Christendom besit of geroepe is om te bepaal wat reg is in die landsake van Rhodesië nie, maar, omdat die vraag wie (bo en behalwe die Onsigbare God) sal bepaal wat reg is, ondergeskik is aan die vraag wat uit die godsdienstige, historiese, sielkundige, wetenskaplike en menslike getuienis reeds as reg bestempel is.

ii. <u>Die Ontkenning van Afrikaanse Nasionale Krag en bydrae in die Staat.</u>

Daar kan nog net een voorbeeld aangehaal word van hoedat in die imperiale staat daar dikwels blindheid heers van wat werklik in belang van die staat in sy geheel strek, en wat die stelling bevestig dat die liberale staat inderdaad teen die „vaderlandse" belange werk, as uitgegaan word van die standpunt dat Rhodesië 'n „onafhanklike" kolonie is wat sy „eie heil" moet uitwerk.

Vanaf 1936 het dit vir die Afrikaners duidelik geword dat 'n „armblanke"-vraagstuk besig was om in Rhodesië te ontwikkel.[1] Omdat die N.G.Kerk, die R.C.V.V. en die Afrikaner as sodanig bewus was van die noodlottige afmetinge wat die vraagstuk in die Unie van Suid-Afrika aangeneem het en die sosiale ontwrigting wat daarmee gepaard gaan, wou bestry, het die N.G.kerklike liggame hul dan ook daadwerklik vir die probleem geïnteresseer, teneinde 'n nasionale euwel en landsgevaar teen te werk en uit te roei. Dat van die blanke armes baie, indien nie die meerderheid nie, Afrikaners was, het die N.G. Kerk dadelik besef, en toe die R.C.V.V.planne beraam het om van Afrikaanse kant in belang van die land en teen die toename in die getalle van die armes op te tree, het die Ring van Bulawayo sy volle ondersteuning gegee, en sou die R.C.V.V. met die Ringsarmsorgkommissie kon saamwerk.[2]

1) Hoofstuk V.
2) Sien Ringsnotule, 1941.

Voor die totstandkoming van die R.C.V.V. (1936) was daar werksaam in die land 'n „Loyal Women's Guild" waarin die N.G.Kerk ook een verteenwoordiger gehad het. Die Guild het aan alle armes welsynwerk gedoen en het ook ondersteuning van die Regering ontvang. Vir die Afrikaanse Kerk, gedagtig daaraan dat „armoede sy duisende, maar verkeerde alimentasie sy tienduisende verslaan het," het dit al spoedig duidelik geword dat die armes in die dorpe „op 'n baie onverstandige in onwetenskaplike wyse" versorg is.[1)]

Die kerkrade in die R.C.V.V. was dan ook nog altyd baie dankbaar vir die werk wat die Guild gedoen het, en het besef dat mense van alle rasse die Guild ondersteun om in voeling te bly met die probleem. Maar die toestand het sodanig vererger, dat die R.C.V.V. gevoel het dat die Afrikaner ook vir armsorgwerk onder sy eie mense verantwoordelik moes wees. Daar is verwag dat so'n optrede die ondersteuning van die owerheid sou geniet, en in Junie 1940 het 'n deputasie van die R.C.V.V. 'n onderhoud met die Minister van Binnelandse Sake gevoer oor die erkenning van die R.C.V.V. as 'n liefdadigheidsliggaam in die uitdeling van rantsoene. Die afgevaardigdes het aangetoon dat die Afrikaners en die N.G.Kerk hulle in die toestand van nood moes verlaat op vreemdes en dat daardeur verder die houvas op eie mense verloor word, en die arm Afrikaners van hul kerk en volk vervreemd raak.

Die Afrikaners het, met ander woorde, hulle begerig en bereid verklaar om self in belang van die armes van hul kerk op te tree, en so in belang van die hele land hul bydrae te lewer.[2)]

Maar die Minister wou die Vereniging nie erken nie. „In the distribution of Government Relief, the work of charitable organisations has been limited to the issue of rations in certain centres by the Loyal Women's Guild, which as you are aware, is representative of all creeds and races."[3)] Daarmee was die demper op die ideale

1) Acta Synodi. O.V.S.: 1937, 182.
2) Verslag: R.C.V.V. Jaar 1940.
3) Idem.

van die Vereniging gesit. Dit was onwetenskaplik vir hulle om ook alimentasie te verleen aan persone wat reeds deur die „Guild" gehelp is, wyl die armes ook nie gewillig was om die hulp van die „Guild" te „los" nie.

Dit moes duidelik gewees het vir die owerheid en die kerk dat die Engels-georiënteerde Loyal Women's Guild onbevoeg was om alleen die werk te doen, terwyl daar tog geen Sosiale Welsynsdepartement was wat kon toesien dat wetenskaplik opgetree word nie, en veral nadat uit die verslag van die „Social Security Officer" wat gedurende die „bestaansveiligingsjare" van die oorlog aangestel is, dit geblyk het dat 'n algehele „social surgical operation" nodig was om die kanker in die volkslewe uit te roei."[1] Die aanbod van die Afrikaner om bo en behalwe in sy landsbelasting mee te werk in daardie „operasie", is van owerheidsweë versmaai.

Die rede lê voor die hand. Armoede is 'n vrugbare teelaarde vir moedeloosheid, kerkloosheid en begripsonmag. Dit is dan ook nie moeilik om te besef dat wie die arme in sy armoede help, op die lojaliteit van daardie minderbevoorregte kan reken nie. Solank dus die Loyal Women's Guild die alimentasie onderneem het - hoe wetenskaplik al dan nie, is hier nie ter sake nie - kon die imperialistiese owerheid immers reken op die trou aan hom van die blanke armes. Enige poging van die kant van die N.G.Kerk om ten behoewe van die arm Afrikaners op te tree, was swanger van die gevaar dat 'n dissipel van die liberalistiese staat gered mag word ten gunste van die Afrikaanse kerk en volk.

Rhodesië kan nie bestaan sonder om aan die Afrikanergroep in die land reg te laat geskied nie. Die algemene welvaart van die staat is onafskeidelik verbonde aan die vrye, openhartige ontwikkeling van die kerk as organisme en van die volksdeel wat daardie kerk verteenwoordig in die land. En dit is daarom nodig dat die staat op homself sal toepas wat Herman Finer in <u>The Theo-</u>

1) Russell: Report: Social Security, March 1945.

ry and Practice of Modern Government van die individu sê: "At any moment I may be sovereign, at any moment, subject; and at every moment I am alternatively and at the same time one and the other in many different connections. From me radiate numerous sovereignties, and upon me converge as many demands for subjection."[1] Elke afdeling of „stende" in die staat het sy roeping en funksie, en die N.G.Kerk en die Afrikaanse volksdeel is seker nie 'n geringe afdeling in die Rhodesiese staat nie. Die heiligheid van die regte van die „stende" moet as hoeksteen van die staats-gebou gewaardeer word. Wanneer die N.G.Kerk as organisme in Rhodesië geminag word en die hoeksteen 'n „steen des aanstoots" is wat liefs uit die staatsgebou verwyder kan word, moet dit ook die ondermyning, ondergrawing, en eindelike vernietiging van die hele staat voorafgaan.

4. DIE GEVOLGLIKE PROBLEEM VAN DIE AFRIKAANSE GEMEENSKAP EN SY KERK, EN DIE STAATSONDERWYS IN RHODESIË.

a. Liberalistiese Onderwysbeskouings van die Staat.

In die vorige paragraaf is die vir die kerk nadelige maar vir die staat bevorderlike uitwerking van die imperialistiese Engelse beleid op godsdienstige, nasionale, staatkundige en maatskaplike gebied geskets. Dit is begryplik dat die vrugbaarste gebied vir die deurwerking van die liberalistiese idees, die skool en die onderwys, ook deur die kerk beskerm sal word teen, soos dit deur die staat gebruik sal word vir, die bevordering van daardie idees. Soos vir 'n indiwidu so ook vir 'n staat en kerk, bepaal elkeen se lewensbeskouing ook sy beskouing oor die opvoeding, is reeds gesê.

In sy liberalistiese beskouing sluit die Rhodesiese owerheid aan by die sogenaamde moderne opvoeding van die eeu. Die wese en aard van hierdie opvoeding kan gevind word in geskrifte nog voordat die Christelike leerstelling die mens se hele lewe vervorm het. In soverre dié liberalistiese beskouinge nog dieselfde is as wat hulle was in die dae van die glorie van die Grieke en Ro-

1) Finer: Theory and Practice of Modern Government, 21.

meine, kan dit ook nie suiwer Christelik wees nie, want die nasies was toe nog geen Christennasies nie.[1]

By die Grieke het Plato (427-347 v.C.) in sy geskrifte dan ook die „liberale" kunste,- die „elutherioi epestinai" en die liberale opvoeding, „eluthererioi paideia", as die kern van sy opvoedingstelsel ( enkyklios paideia) beskryf.[2] Die Romeine het daarby met hul „artes liberales" aangesluit: „liberale studies, omdat hulle waardig is van 'n „vry man" het Seneca gesê.[3] Deur die middel-eeue het die liberale opvatting en liberale vakke tot basis van die meeste skole gedien, maar het mettertyd beteken 'n opvoeding wat op die klassieke berus het - en dus ook op die nie-christelike klassieke lewensbeskouing. In die neëntiende en twintigste eeu het die Unie van Suid-Afrika en Rhodesië ook met dié opvoeding by die ander dele van die wêreld aangesluit. In die geval van die Unie was dit veral die invloed van De Mist en daarna van die Engelse lewensbeskouing soos deur Matthew Arnold uitgewerk. Laasgenoemde het met sy beredeneerde opvatting van die liberale opvoeding weer geput uit en aangesluit by die neo-humanistiese beskouing van die „Algemene Opvoeding" - die „Allgemeine Bildung" wat die Prussiese gymnasia vanaf die tyd van Wilhelm von Humboldt deursyfer het, en wat in Frankryk deur Victor Cousin, Villemain en Victor Drury onderskryf is. Dit was egter veral te danke aan die verslae wat deur die „Board of Education" in Engeland uitgebring is, dat die moderne opvoeding breër in Rhodesië uitgewerk is. „The idea of a general liberal training is to carry us to a knowledge of <u>ourselves</u> and the World",[4] het een van hulle die moderne strewe in die opvoeding opgesom. Hierdie kennis van „ourselves" as mens, die humanisme, en die kennis van die „world" die natuur, die naturalisme, vorm dan ook die grondslag van die moderne liberalistiese opvoeding. Dit

---

1) Vgl. Coetzee: Eerste Beginsels van die Calviniste Opvoeding, 5.
2) Aristoteles: Staat: 1337 b4-21.
3) Seneca: Briewe: lxxx, VIII.
4) Spens Report: 410.

omskryf baie duidelik die doelstellings wat beoog word: „these aims are concerned with the training of the pupil, first as a person with a body, a mind and a spirit, second as a future citizen of a democratic country, and third as one who will have work of some kind or other to do for a livelihood. With varying emphasis, now on one and now on another of these aspects, this aim is implicit in all schools."[1) ] „The aim of education should be to develop to the full the potentialities of every child at school, in accordance with the general good of the community of which he is a member,"[2)] het dit in 'n ander a handboek gelui. „Die modernistiese opvoeding vind sy grondslag en uitgangspunt in die evolusionistiese lewens- en wêreldbeskouing...."[3)]

Op hierdie humanisties-naturalistiese basis is die doel dan „to conform the individual to the given social standard or type, in such a manner that his inherent capacities are developed, his greatest usefulness and happiness obtained, and at the same time, the highest welfare of society is conserved."[4)]

Die prinsipiële opvatting van die moderne onderwys is dan dat dit paedosentries moet wees, dit moet uitgaan van die kind as middelpunt, dit moet in die kind ontwikkel wat inherent is - die individualisme van Nunn, en dit moet daardie kind sy hoogste geluk in die gemeenskap laat vind - die sosialisme van Dewey. As verder in aanmerking geneem word dat op staatskundige gebied die liberalisme ook tot grondslag het die persoonlike vryheid, die invidualisme, en die imperiale absolutisme tot basis het die welvaart van die eie staat, die gemeenskap (sosialisme), val dit lig te begrype dat die skool sal wees soos die staat is. Daarom dan ook dat die Rhodesiese owerheid geen geld gespaar het om die onderwysstelsel so „modern" moontlik te maak nie, want die humanisties -naturalistiese onderwys was die grootste versekering vir die

1) Spens Report: 140.
2) Handbook of Suggestions for Teachers 1937, 12.
3) Coetzee: Die Moderne Opvoeding, 11, 12.
4) Monroe: Brief Course in the History of Education, 407.

natuurlike ontwikkeling en voortplanting van die liberalisties-absolutistiese staatkunde.

Ten einde 'n besliste houvas op die onderwys te kry , het die Rhodesiese Administrasie stelselmatig sy invloed oor die skole uitgebrei. Skole wat nie kon voortbestaan nie, is deur die Regering oorgeneem, en in 1908 het die Onderwyskommissie aanbeveel dat die staat vir alle laerskoolonderwys verantwoordelik moes wees. Die 1916-kommissie het verpligte onderwys voorgestel en teen 1936 was alle onderwys tussen 7 en 15 jaar gratis en verpligtend. Oor die staatskole waarin die kinders hulle bevind het (behalwe natuurlik die paar „kerkskole," meestal Rooms-Katoliek) het die Onderwysdepartement die finale seggeskap gehad. Die School Advisory Boards het slegs advies kon gee[1)] want geen mag wou die owerheid met enige ondergeskikte Raad deel nie. Toe die staat eenmaal van sy absolute gesag verseker was, kon ook die moderne opvoedkundige teorië sonder gevaar van onmiddellike teëstand in die praktyk toegepas word.

Die Tate- en Fox-verslae het die weg vir die toepassing deur die owerheid aangetoon.[2)] En soos in die moderne opvoeding in sy geheel so is daar ook in dié verslae veel wat gewaardeer en bewonder kan word. Die stelling dat 'n „humane or liberal education is not one given through books alone, but one which brings children into contact with the larger interests of mankind,"[3)] het daartoe gelei dat die sogenaamde moderne skole opgerig is en 'n hele nuwe inhoud aan die onderwys gegee is. Daarmee het gepaard gegaan nuwe metodes, nuwe afdelinge binne die ou akademiese skole, nuwe belangstelling en 'n beter verstandhouding tussen die onderwyser en leerlinge, en ook 'n beter oordeel oor die skoolprestasies van die kind.

Dit het gestreef na die volle ontwikkeling van die persoonlikheid van die kind (Nunn) en met die individuale aanleg en vermoëns is baie meer rekening gehou. „Insight" (in die lewe en wêreld rondom die kind) en „ef-

1) Sien Hoofstuk IV.
2) Hoofstuk 11. 3) Hadow Report: 84.

fectiveness (in die optrede in die wêreld) het die aanbevelinge van die Tate-verslag gekristalliseer.[1)] Die groter vryheid wat aan die onderwysers toegelaat is, het beteken dat die leerplanne uitgebrei kon word sodat hulle meer by die behoeftes van die kind en die omgewing aangepas is. „Broadly speaking our purpose is that every Rhodesian child whatever his level of academic ability, whether his parents are wealthy or poor, whether he comes from town or country, shall enjoy the right to a free education of the kind best suited to his particular interests and abilities,"[2)] het die Eerste Minister verklaar toe hy die eerste „Moderne" skool in die land geopen het. „As the Modern School develops, the curriculum will show both diversity and individuality.....It must take account of the pupil's leisure as well as their career....."[3)]

Die realistieser en praktieser inhoud van die onderwys het ook die aandag van die leerling langer geboei: „The practical side because the majority of the children will think as it were, with their hands and will profit greatly by teaching which follows the natural bent of their capacity; and the realistic side in the sense that the study of English, History, Geagraphy, Mathematics and Science will be related more closely to the living texture of industrial and commercial life."[4)]

Die skole sou dus, volgens die Eerste Minister, G.M.Huggins wat die stukrag agter die hele moderne opvoedingsbeweging in Rhodesië was, 'n Rhodesiese karakter en'n plaaslike karakter hê.[5)]

Ook is 'n vaste beleid met betrekking tot die inrigtingsvraagstukke neergelê. Aparte skole vir laer- en middelbare skole, skeiding op 'n sekere leeftyd, meer onderwysgeriewe vir die minderbevoorregtes was deel van die reorganisasie. „No child is to be denied education through the poverty of its parents. This means that

1) Tate Report: Section 55.
2) Rhodesian Herald: 3.4.1940.
3) Rhodesia Services Record: February 1940.
4) Idem
5) Hansard: 29.10.1937.(Hoofstuk 11.)

boarding grants will be awarded throughout the system, according to need."[1]

Vir die eerste keer het die onderwys van agterlike kinders ook na vore getree.[2] Onderwys vir volwassenes het uitgebrei, kleuterskole is aangemoedig, en kindertuinleerplanne gemoderniseer.

In al die skole sou gepoog word om die aktiwiteitsdrang van die king te eerbiedig, en die praktiese basis van al die laerskole sou volle geleentheid vir die selfwerksaamheidsidee bied. "The modern view, and this is the real dignificance of what is called modern education, is that children should be led to like learning."[3] Dit is deels bewerkstellig deur die sierlike nuwe skoolgeboue wat vanaf 1940 hulle verskyning gemaak het. Netjiese tafels en stoele, prente aan die mure, blomtuine, skoolkonserte, buiteskoolse aktiwiteite was almal tekens van die moderne rigting.

Die onderwysers wat meesal uit Engeland oorgebring is, het ook 'n groter verantwoordelikheidsgevoel ontwikkel omdat hulle besef het dat die taak by hulle berus het om van die moderne onderwys 'n sukses te maak.

Benewens dit alles is ook meer aandag aan die verstandmeting van die kind bestee en sou daar ook 'n vermindering van eksamens wees.

Met die onbeperkte fondse tot sy beskikking was dit dan ook moontlik vir Rhodesië om 'n moderne onderwysstelsel te ontwikkel wat goed vergelyk het met dié van enige ander deel van die wêreld.[4]

b. Gereformeerde Beskouinge oor die Moderne Opvoeding.

Vir die Christen en in die besonder vir die Gereformeerde Christen is die gebreke en gevare van die moderne opvoeding in Rhodesië sowel as in die buitewêreld maar te duidelik. Die onderwys as draer van die liberalisties-absolutisties of liberalisties-totalitêre

1) Hansard: 29.10.1937. (Hoofstuk 11)
2) J.Barrow: Education Bulletin No.6.
3) Bulawayo Chronicle: 5.5.1939.
4) Olivier: Recent Educational Adaptations, 1162, Report: Inspectors 1939: Section 1.

lewensbeskouing wat in die staat heers, is soos met die naam humanisties-naturalisties aangedui, mens-gerig, paedo-sentries, mens- in casu kind-gerig. Dit is 'n uitvloeisel van die pragmatistiese en ewolusionestiese en dus in sy wese anti-christelike lewens- en wêreldbeskouing.[1] In soverre die moderne onderwys 'n maatskaplike vraagstuk is, en die werk- en lewensterrein van die mens dus bestudeer moet word, bly dit die taak van die opvoeding om die mens te help om hom as mens hier te ontplooi. Maar dis nie die enigste nie. Die mens is burger van hierdie wêreld, maar vanuit 'n Christelike standpunt gesien ook erfgenaam van die Ryk van God. Om dié rede beskou die Christen die moderne opvoeding as eng-humanisties en kortsigtig in soverre as wat by „diesseitige" beleid geen „jenseitige" beleid ingesluit word nie.[2] Behalwe dat die mens hom as mens moet ontplooi, dit wil sê as burger van hierdie wêreld, moet hy ook opgevoed word tot waaragtige Godsvrug, tot eer van God, aangesien alle mag, alle wysheid van God uitgaan. Dit is dan ook die groot gebrek van die moderne opvoeding dat dit die menslike rede bokant die Goddelike gesag wil stel. Dit is die plig van die onderwys om die kind tot redelike insig op te voed, maar hy moet ook geleer word om aan die wette en ordonnansies van God gehoorsaam te wees.

Nou kan in Rhodesië waar die owerheid alle onderwys (behalwe die suiwer kerklike) beheers, die taak van die onderwys vergemaklik word as die staat in sy ordonnansies die gesag van God erken. Maar daar is veral twee moeilikhede in dié verband. Die eerste is dat dit nie altyd maklik is om die Wet van God op enige bepaalde stuk te ken nie, en die tweede dat, soos aangetoon, die bestaande orde sodanig is dat die staat nie juis na die Wet van God by sy wetgewing vra nie. Daarom word die moderne opvoeding opgebou net uit die ervaring van die mens, en die rekonstruksie van daardie ervaring met die oog op die gedurige aanpassing van die mens aan die voortdurende

1) Coetzee: Die Moderne Opvoeding, 36.
2) Coetzee: Die Moderne Opvoeding, 38 e.v.

en snel veranderende behoeftes van die tyd; buitekant die aardse lewe ken dit geen doel nie. Aan bo-individuele en oorspronklike waarhede word geen waarde geheg nie. Die waarheid dat die kind moet leer om te verstaan dat hy, sy medemens en die wêreld waarin hy lewe, saamgebind is in 'n Orde wat hoër is as sy onmiddellike behoeftes en sy dringende begeertes, word in die moderne skool verwerp of altans baie ver op die agtergrond geskuif. „Experience" en „self-reliance" is veral die twee slagspreuke in die moderne onderwys.[1) ] „The Modern school has become bound to conceive the world as a place where the child, when he grows up, must compete with other individuals in a struggle for existence. And so the education of the reason and of his will must be designed primarily to facilitate his career. By separating education from the classical-religious tradition the school cannot train the pupil to look upon himself as an invoilable person because he is made in the image of God."[2)] „Die mens is die maatstaf van alle dinge," het 'n Griekse skrywer beweer, en dit is ook die slagspreuk van die moderne opvoeding. Daarom moet gestreef word na vervolmaking van die individualiteit (Nunn); en na sosiale bruikbaarheid, sonder om te erken dat hierdie eienskappe, goeie burgerskap en beroepsvaardigheid ondergeskik bly aan ware Godsvrug terwyl ontwikkeling van die indiwidualiteit tot die grofste indiwidualisme kan ontaard. „About the only thing needed to ensure a reasonable degree of success is a little goodwill all round, and we ought to be able to guarantee that that will not be lacking...." was die standpunt van die opvoedkundige leiers.[3)] Maar dit is tog geen onbewese stelling dat so 'n „goodwill" so'n morele karakter onmoontlik volgehou kan word sonder werklike god-gegewe morele en geestelike beginsels nie. Daarsonder word die moderne onderwys „a series of splendid expeditions towards the wrong goal or towards no goal at all, led by men who have all the gifts of leadership,

1) Vgl. Bulawayo Chronicle: 5.5.1939.
2) Livingstone: Education for a World Adrift, 112.
3) Rhodesia Teachers Association Conference: 1.5.1939.

except a sense of direction, and every endowment for achieving their ends, except the knowledge of ends worth achieving."[1)]

Die „moderne" skool, soos gesê, is 'n aktiewe skool waar „werk" „learning by doing" die prinsipiële grondslag van die opvoeding is. Maar die mens is nie net 'n aktiewe en 'n daadwese nie; hy is ook 'n besinnende wese, wat behalwe aan werk ook behoefte aan rus en stilte het. Wanneer die aktiwiteitsdrang te ver gevoer word, skep dit by die kind die indruk dat hy gedurig besig moet wees en dit lê ten grondslag aan die sensasiejag van sy latere lewe en die skyn-„werk"-likheid wat deur die verslinding van die opwindende „comics" na skool-ure voortduur. Die eeue-oue gesegde „Ora et Labora"[2)] het vir die moderne opvoeding vreemd geword. Die mens kan nie beweeg as hy nie weet waarheen hy beweeg nie, het die Engelse opvoedkundige Livingstone, soos hierbo aangehaal, beklemtoon.

Eindelik word in hierdie „Eeu van die kind" (Ellen Key) waar die paedosentrisme die Alfa en Omega van die opvoedkundige denke geword het, van 'n jong kind verlang wat reeds 'n volwassene moeilik val, naamlik selfbeheer en selftug. Dit, natuurlik, omdat die kind as inherent goed beskou word, en daar nie besef word dat die kind reeds die „afvallige soewereine menslike persoonlikheid is wat sit aan die wortel van die liberalistiese lewens- en wêreldbeskouing."[3)] „Die kind is onryp, afhanklik, vormbaar, meestal onredelik, ondeugvol. Die kind kan nie die norm van die opvoeding wees nie. Die ideaal van 'n gesonde opvoeding is tog juis sedelike rypheid, onafhanklikheid, geestelike vryheid. Dit spreek vanself dat alle goeie opvoeding rekening hou met die aanleg van die kind, maar dit word nie tot norm of doel gestel nie. Tereg merk Horne in „<u>The New Education</u> (bl. 82) op:, „Under the influence of

1) Livingstone: a.w., 36.
2) Coetzee: Die Moderne Opvoeding, 39.
3) De Vos Hugo in Inspan: Julie 1946.

paidocentricism self-expression may easily become self-explosion."[1] Maar selfs wanneer daar so'n ondeuglike ontploffing plaasvind, soek die moderne opvoeding die oorsaak nie in die sedelik- wan-opgevoede en sondiggebore kind nie: "those offences should be treated primarily as symptoms rather than as sins."[2] Solank die simptome maar sielkundig <u>verklaar</u> kan word, is die moderne opvoeding tevrede. Die Goddelike genade wat dié "simptome" kan <u>verwyder</u>, die sonde kan vergewe, kan by die opvoeding van die huidige eeu nie as oplossing, as "redmiddel" aanvaar word nie.

Die nuwe opvoeding is ten slotte besonder sterk kosmopolities en internasionaal. Dit is tereg 'n wêreldbeweging genoem.[3] Vir soverre dit op samewerking en onderlinge begrip berus,[4] is die beweging lofwaardig, maar 'n opvoeding wat internasionaal wil wees en dusdoende die nasionale grense wil uitwis, lei tot niks anders as progressiewe selfmoord nie. "Ek kan as mens tot mens in liefde en vrede saamlewe en werk met mense van alle belydenisse en nasies; sodra egter van my geëis word om nasionaliteit en geloof te verloën of te verruil, <u>dan hou alles op.</u>"[5]

c. <u>Die Probleem van die N.G.Kerk en die Moderne Onderwys in Rhodesië.</u>

Die N.G.Kerk waardeer ook in Rhodesië veel van wat die Moderne Onderwys daar tot stand gebring het. By die positiewe eienskappe in die vorige paragrawe aangestip, kom daar nog die besondere belangstelling van owerheidsweë en die publiek in die onderwys van diegene wat gebuk gaan onder finansiële tekort. Vir hulle is daar nie alleen gratis losies nie, maar ook beurse beskikbaar. En hierdie uitgebreide beursstelsel van die staat dek ook nog baie ander gebiede en stel menige seun of dogter in die geleentheid om sy studies aan die Universiteit te voltooi. Ook die naskoolse klasse, die be-

1) Coetzee: Die Moderne Opvoeding, 40.
2) Spens Report: 136.
3) Spens Report: 415.
4) Coetzee: a.w., 40.
5) Petersen: Die Nieu-Europese Opvoedingsbeweging, 69.

(Vert.

ter verstandhouding tussen ouer en onderwyser, die sielkundige optrede in die skole, die gees van eksperimentering en ondersoek, is maar 'n paar items wat die goedkeuring ook van die Afrikaner ouer soos van enige regdenkende persoon wegdra.

Die N.G.Kerk bly egter ook in Rhodesië die gereformeerde geloofsbelydenis getrou en moet hom vereenselwig met die kritiek oor die gebreke van die moderne opvoeding soos in die vorige afdeling aangetoon is op opvoedkundige gebied moet hy hom teen die humanisties-naturalistiese onderwys uitspreek net soos hy op Christelik-staatkundig gebied hom teen die liberalistiese staat uitspreek. Waar die onderwys juis gekonsentreer is in die hande van hierdie staat, kan die kerk ook nie sonder meer die onderwys aan so'n staat oorlaat nie.

Nou is die eerste probleem van die N.G. Kerk in Rhodesië ten opsigte van die hele moderne onderwys egter juis daarin dat dié Kerk totaal genegeer word by die opvoeding van sy dooplidmaat, en die staat hom die alleenreg toeëien om te bepaal watter tipe onderwys vir die Afrikaanse kind in Rhodesië reg is. Soos gesê, kan die kerk die onderwys nog met 'n mate van gerustheid in die hande van die staat gelaat het, as die staat gereformeerd en God -gerig is. Maar dan juis sou die kerk deur die staat geraadpleeg word wanneer in 'n poging om vas te stel wat reg is en hoe reg aan die onderwys van die Afrikaanse kind kan geskied, die N.G.Kerk as 'n besondere Instelling van Christus genader sou geword het om leiding in die geopenbaarde wil van God te gee. En dan sou na daardie "wolk van getuienis" as en waar dit wel aan die staat voorgelê word, die kerk se besondere leiding en advies in die finale toetsingsreg aanvaar word.

Op grond van die hele samestelling van die Rhodesiese staat en van wat in ouer en moderne demokratiese lande soos die Verenigde State van Amerika[1] en Engeland plaasvind, moet dit duidelik wees dat die Rhode-

---

1) Vgl. Venter: a.w., 112.

siese staat ook geensins bereid is om enige mag wat hy..oor die onderwys reeds verkry het, uit sy hande te laat gaan nie.

„In Rhodesia parents have been fortunate in that they have had for their children ...... a type of education which with all its faults, has been in scope both mentally and socially, more akin to the English Public School type than to any other English type. With the facilities now available that kinship could be made much closer than it is now .......In common with the Public Schools our high schools have ...... done a great work in the development of individual school traditions - that peculiar form of social training for general social life which is perhaps the most valuable asset of the Public School product."[1)]

Dit is die „sosiale bruikbaarheid" van die staatskool wat die owerhede in Rhodesië wil behou. „To any one who has been priviledged to see the reorganised school of England in operation there can be no doubt that the adoption of the principles formulated by the Consultative Committee and elaborated in the three classic reports,[2)] will be to the everlasting benefit of our system. The principles are fundamental and know no political boundaries."[3)] Met ander woorde, die staat is oortuig dat sy stelsel reg is, en hy wil daaraan vashou. Nou kan die N.G.Kerk wel probeer om die ewewig te herstel deur die staatskool te kersten, soos vir die Unie van Suid-Afrika en veral deur die N.G.Kerk in die Kaapprovinsie gepoog is.[4)] Maar daarvoor is die N.G.Kerk nie numeriek sterk en invloedryk genoeg nie en val dit erg te betwyfel of hy die ondersteuning en medewerking van die ander kerke sal geniet. Dit veronderstel egter 'n veranderde beskouing van die „staat" in sy owerheidsgesag, dog vir die liberale staat bestaan daar geen gronde om 'n ver-

1) Education Committee, Bulletin No.3, October 1938 p.m.
2) Hadow Report; Spens Report, Report on Primary Schools.
3) Education Committte Bulletin No.3, October 1938 p.13.
4) Venter: a.w., 76.

andering van sy „lewensopvatting" te regverdig nie. Aan 'n kerstening van die huidige staatskool met sy gesentraliseerde beheer val nie te dink nie.

Die kerk kan (en moet) glo dat die huidige onbevredigende toestand met betrekking tot die onderwys van die Afrikaanse kind deel is van Gods bestel oor die kerk en die Afrikaanse volk, en die saak so laat rus. Enersyds glo die N.G.Kerk wel dat aan die wortels van die geloof, aan die werklike Doel van God met die Afrikaner daar gelukkig niks verander kan word nie, „want God het nie alleen sy Wet gestel nie maar, en dit is die granietfondament waarop ons hoop vir die toekoms gebou is, God handhaaf ook deur sy Almag dit wat hy vir ewig as Wet verorden het, sodat ons tog uiteindelik uitkom waar ons moes uitgekom het, maar dan nie sonder al die ellende wat ons eie (die staat-?) wysheid en ons eie ongeregtigheid oor ons gebring het nie."[1] Maar andersyds, waar nie alleen die N.G.Kerk in sy kring as organisme nie, maar ook die georganiseerde ouers in hulle kring in die toetsingsreg uitgemaak het dat wat die onderwys betref, dit indruis teen hul geloofsbelydenis, wat die Wet van God vertolk, is daardie kerk en ouers verplig om die goddelike reg te handhaaf, ook teen die staat. „As daar dan stryd ontbrand, is dit niks anders as die uitoefening van die toetsingsreg nie. Dit is 'n onontwykbare situasie, iets wat deel is van die goddelike Bestel waaronder ons leef, iets wat ons moet eer, iets wat ons vaders geëer het....."[2] Dit was die rede waarom deur die N.G.Kerk en die Afrikaanse volk met die „kerkskole" te midde van die groeiende staatskole volgehou is; waarom, trots die armoede, gebrek aan leiers en onderwysers die C.N.O.-skole gestig is, in weerwil van kritiek en die gevaar om in verdere onguns by die owerhede en die Engelse publiek te val; waarom die kerk en verwante verenigings die een deputasie na die ander afgevaardig het om te pleit om toepassing van die elementêre opvoedkundige

1) Koers, Junie 1944, 209.
2) Idem.

reëls wat vir die Afrikaanse kerk (en volk) 'n uitgemaakte saak is dat hulle deel is van die Wet van God.

Maar, - en dit is die tweede en groot probleem vir die N.G.Kerk ten opsigte van die moderne onderwys in Rhodesië, en gaan veel verder nog as wat reeds in die vorige paragrawe genoem is - die kerk kon selfs nog in die toepassing van die moderne „beginsels" die goeie daarin beklemtoon het, as dit nie was dat juis in Rhodesië die owerhede aan die „moderne beweging" 'n beleid wil toeskryf wat nie alleen deur geen dissipel of leier van die moderne onderwys ooit besin is nie, maar wat deur hierdie selfde naturalisme en humanisme in die opvoeding ten sterkste afgekeur word. En dit is naamlik dat enige kind opgevoed sal word los van sy kerk en volksverband deur medium van 'n vreemde taal vanaf die eerste jaar dat hy in die skool kom, soos met die Afrikaanse kinders, 'n vyfde van die skoolbevolking van Rhodesië, die geval is. As dit natuurlik die doelstelling van die moderne onderwys in Rhodesië is om dié toestand te skep waar daar geen volksgroei en volksleierskap onder die Afrikaners gewens is nie, dan het dié onderwys daar goed in geslaag. Immers is dit vandag na 35 jaar nog net so waar as dit was toe dr. Malan in 1912 opgemerk het: „De eene groote behoefte van die Afrikaners in die beide Rhodesias is een leider, om wien zij zich kunnen scharen, een man, die sterk en beginselvast is, en die voor hen in de bresse, wil staan."[1)]

Maar dit is juis nie *dit* wat die Moderne onderwys beoog nie, want hy wil 'n opvoeding hê wat so ver moontlik sal voldoen aan die besondere aanleg van elke kind, en nie 'n massa-verengelsing proses bewerkstellig nie.

Met ander woorde, vir die N.G.Kerk en die Afrikaanse volk in Rhodesië verskuif die klem op die moderne onderwys heeltemal weg van die „moderne" en terug na die onderwys, die opvoeding self, omdat, soos die ul-

---

1) Malan: Naar Congoland, 33.

tra-archaiëse „moderne" onderwys in Rhodesië op die afrikaanse kind toegepas word, dit 'n miskenning van die eerste beginsels van die opvoedkunde as sodanig is. En verval daarin naamlik dat die Afrikaanse kind nie na sy eie Afrikaanse aard nie, maar na die Engelse aard opgevoed word.

Hierdie „moderne" onderwys in sy implikasies vir die Afrikaanse kind, mag en sal die N.G.Kerk dus nooit in Rhodesië aanvaar nie. Maar hy sal hom beywer om, as die werklik moderne onderwys in Rhodesië dan toegepas en uitgebrei moet word, soos dit die geval blyk te wees, uit daardie stelsel dié grondwaarhede te neem wat tot basis het die opvoeding van die kind in sy eie taal en in die gees van sy volk en kerk en in die diens van die Hoogste Waarhede om sodoende die enigste regte opvoeding vir die Afrikaanse kind te verseker.

5. SAMEVATTING EN SLOT.

In hierdie hoofstuk is die probleem van die N.G.Kerk soos hy in Rhodesië met die onderwys in aanraking kom, geskets. Daar is aangetoon dat die ouer die vernaamste party is wat by die vraagstuk betrokke is, maar dat die Kerk en Staat elk 'n plig het teenoor die opvoedeling en teenoor die skool. Waar kerk en staat in harmonie saamwerk om die gees en beginsel van die skool wat die ouer vir sy kind gekies het, te bepaal, bestaan daar geen stryd tussen die onderlinge partye nie, maar waar dit blyk dat die staat 'n ander lewensbeskouing toegedaan is as die van ouer en die kerk, is botsing onvermydelik.

In Rhodesië is die staat dan ook liberalisties en imperialisties en wil hy dié opvattinge handhaaf teenoor die gereformeerde beskouinge van die kerk. In sy ywer om die liberalistiese filosofie ten alle koste deur te voer, is aangetoon hoedat die staat in die werklikheid sy eie belang teenwerk solank hy die Afrikaner probeer teëgaan - 'n optrede waarop die staat uit godsdienstige, historiese, maatskaplike en staatkundige

oogpunt gladnie geregtig is nie; godsdienstig omdat die kerk ook soewerein is binne in die staat, histories omdat Rhodosië 'n deel is van Suid-Afrika en nie van Groot Brittanje nie, maatskaplik omdat die ouer die finale seggenskap in die onderwys van sy kind behoort te hê, en staatkundig, want "op stuk van hoogen zoowel as laager onderwys is een staat, die neutraal moet blyven, tot het geven van onderwys onbekwaam. De Kleurloze staat die zijn hart net voorbedachten rade weg heeft geworpen, kan ook het hart zijner burgers niet vormen, noch de liefde voor een wetenschap wekken, die sterft met de liofde in het hart."[1)]

Daarna is die prinsipiële stryd van die gereformeerde kerk op onderwysgebied geskets. Die liberalistiese-imperialistiese staatsbeskouing het sy staatkundige ideale ook verwesenlik gesien in die moderne humanisties-naturalistiese opvoedingsbeweging wat in Rhodesië verwelkom is en deur verskeie kommissies, onder andere die Tate- en Fox-kommissies, breedvoerig uiteengesit is na aanleiding van rapporte wat in dié verband in Engeland gepubliseer is. Teen die gevare en misbruike van die moderne opvoeding soos dit die Afrikaanse kind en volkskarakter affekteer, het die N.G.Kerk in Rhodesië, soos ook oor die algemeen, te staan gekom. Maar dit is nie soseer teen die moderne onderwys wat die N.G.Kerk in Rhodesië protesteer nie, (hoewel hy die opvoeding, solank dit suiwer humanisties-naturalisties bly., nimmer sal en mag goedpraat nie), dit is teen die verloëning van sekere grondwaarhede van die moderne beweging, wat vir die Afrikaanse kind die hele bodem uit die moderne onderwys laat verdwyn.

Eers dan sal die hele moderne onderwys, trots sy inherente swakhede - waaraan die Christelike onderwyser wel 'n verbetering kan bewerkstellig - vir die Afrikaanse ouer en kind enige waarde inhou wanneer na die kern van daardie grondwaarhede deurgedring word, wat te-

---

1) Kuyper: Ons Program."493.

gelykertyd tot grondslag sal dien vir 'n bevredigende oplossing van die hele onderwysstryd van daardie ouer en kind en hul kerk in Rhodesië. Tot dan mag die N.G.Kerk in Rhodesië, in belang van Afrika en die Afrikaanse Volk, die Afrikaanse kind, die Rhodesiese Staat, in belang van die Kerk self en sy goddelike Roeping, die Skool nie aan sy lot oorlaat nie, maar hom bly beywer vir daardie regverdige oplossing.